# Hoofstuk 1

## ’n Kontekstuele analise van gebeure voor en tydens die *communitas*-fase wat na 1994 in die Suid-Afrikaanse samelewing tot stand gekom het

### 1.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk definieer en ontleed enkele ekklesiologiese aspekte van die gebeure in Suid-Afrika vóór en ná die regeringsverandering in 1994 en die effek daarvan op die NG Kerk.

Die keuse van gebeure wat bespreek word, is kontekstueel funksioneel in die bedienings milieu van die NG Kerk. Uiteraard kan die ondersoek nie die hele spektrum van gebeure binne die kerk in die breë dek nie. Gegewens wat ondersoek is, is selektief, maar het ’n bepaalde invloed op die daaglikse lewens van kerklidmate. Die huidige *communitas*-fase duur al ongeveer vyftien jaar, wat daarop dui dat ’n nuwe *societas*-fase binnekort betree sal word. In die lig hiervan stel dié navorsing ’n bediening struktuurmodel voor wat as oorgang kan dien na die volgende *societas*-fase ten einde in die komende herintegrasie-fase aan kerkleiers ’n vaste identiteit en funksie te verleen.

Met die post-apartheidsera wat ná 27 April 1994 in Suid-Afrika aanbreek, bevind die NG Kerk haar te midde van die woelinge in ’n totaal nuwe politieke bedeling. Dié omwenteling stuur die Suid-Afrikaanse samelewing en die NG Kerk noodwendig in die rigting van snelle verandering omdat byna elke aspek van die samelewing ingrypend daardeur geraak word. Tekens hiervan is, onder andere, groter mobiliteit, migrasie uit die platteland, godsdiensgelykstelling, mondigheid, anonimiteit, gelykskakelende verhoudinge, nuwe kultuursituasies en ’n versnelde proses van sekularisasie, waarmee die kerk vandag rekening moet hou. Nelson Mandela word die eerste swart president van die land en vir die eerste keer het alle inwoners stemreg. Meerderheidsregering is ingestel en ’n Handves van Menseregte vorm die basis van die regstelsel. Die magsbasisse binne die land is ingrypend herskommel.

In die proses is die politieke mag onherroeplik uit die hand van die blanke Afrikaner geneem. Die toekoms van die Afrikanerkultuur en die Afrikaanse taal het onseker geword in die nuwe demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese staatsbestel. Die regeringstipe is liberaal. In die begrip *liberale demokrasie* lê daar ’n lewens- en wêreldbeskouing opgesluit waarin individuele vryheid die hoogste prioriteit geniet (Durand 2002: 9-15). Hierdie veranderinge het die blanke Afrikaner in volk- en gesinsverband diep geraak. (Vergelyk ook Du Toit, 1999.)

Die blanke Afrikaner moes afstand doen van ’n leidende rol in die landsregering en met al die ander voorheen benadeelde volksgroepe meeding om ’n plek in die gemeenskap. Regstellende aksie is ingestel met die gevolg dat mense in posisies aangestel is op grond van kleur en vorige *benadeling* of *struggle*-ervaring, al het hulle nie die opleiding of bevoegdheid vir die betrokke poste gehad nie. Ongelukkig het dit daartoe gelei dat infrastrukture vinnig begin verval het: paaie word nie na wense in stand gehou nie; watersuiwering is ’n probleem; munisipale dienste word nie

doeltreffend gelewer nie; daagliks word nuwe gevalle van korrupsie op groot skaal blootgelê; nepotisme is alledaags; mediese dienste en onderwys het in duie gestort; geweld en misdaad het handuit geruk. Uiteraard het dit tot groot ontnugtering gelei, met die gevolg dat daar tans ernstige tekens is van die ontwikkeling van ’n neoklassisme.

Op die politieke sosio-maatskaplike terrein het die rol en taak van die NG Kerk ingrypend verander. Baie politici in die vorige regering was lidmate van die NG Kerk. Dit het uiteraard aan die kerk ŉ besondere status, invloed en mag verleen aangesien kerkleiers op baie regeringsvlakke direk en indirek inspraak gehad het. Binne die veranderde situasie moet die kerk nou ŉ nuwe dialektiese houding van kritiese solidariteit met die politieke gang en owerheid van die dag vind, ten einde ŉ morele rolspeler te bly. (‘Politiek’ moet hier verstaan word volgens die definisie van Heyns naamlik: (ŉ) *sisteem van norme en handelinge waarvolgens die bestuur van die staat plaasvind, en die politieke party as die georganiseerde en vaste struktuur waarin met dié vorme omgegaan en dié handelinge voltrek word.* (Heyns 1977:220). Die politieke veranderinge in Suid-Afrika het die kerk diep in haar poging tot vernuwing ten einde relevant te bly, aangetas. Tekens van herskikking en aanpassing begin nou in enkele gemeentes sigbaar word.

Uiteraard kan die kerk binne ŉ *communitas*-fase kies om lidmate bloot op neerdrukkende wyse te waarsku teen al die booshede van die dag en asketiese ontrekking aanbeveel. Boon se stelling (1970:185) moet egter ter harte geneem word: *Daarbij zij onmiddellijk met nadruk gezegd, dat deze vreemdelingschap nooit mag worden verward met een zelfgekozen isolement, waarin kerken zich soms eigenmagtig terugtrekken uit de verbanden van de samenleving en zich al doende aan haar verantwoordelijkheid voor de samenleving onttrekken. Integendeel, vreemdelingschap in bijbelse zin betekent juist: leven in solidariteit met en verantwoordelijkheid dragen voor de samenleving*. Daar moet egter veel eerder gesoek word om deur die werksaamhede van die kerk die gevoel van vervreemding teë te werk en nuwe sin aan die lewe van gelowiges te gee binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. Tot dusver het die kerk(leiding) in hierdie opsig teleurgestel.

Die boodskap van die Bybel moet nie buite die huidige samelewingskonteks interpreteer word nie. Karl Barth het tereg daarop gewys dat die Bybel en die koerant hand aan hand gelees behoort te word.

Die navorsing in hierdie hoofstuk fokus op die volgende kontekstuele aspekte:

- ŉ C*ommunitas*-fase is ŉ oorgangstydperk wat herrangskikking vra. Dit beteken dat daar van punt A na punt B beweeg word. Om B beter te verstaan, is dit nodig dat A ontleed word. Om dit te doen en uiteindelik in staat te wees om die kernhipotese te toets, word ŉ oorsig gebied oor enkele geskiedkundige gebeure in die ontwikkeling en bestaan van die NG Kerk voor 1994.
- Die verandering van regering in 1994 is die waterskeidingsmoment wat punt A afsluit. Punt B begin hier. Met ander woorde, die NG Kerk verkeer tans in nuwe omstandighede waarin ŉ sinvolle bediening moet realiseer: die kerk is in hierdie opsig steeds op weg.
- Die NG Kerk was vir ŉ tyd lank nie aktief betrokke by verandering in Suid-Afrika nie. Inligting hieroor is grotendeels deur die media versprei.

*Kerklidmate het in koerante oor kerklike vraagstukke gelees wat hulle ten nouste raak. Omdat nie almal toegang tot Sinodale korrespondensie en studiestukke het nie en die Kerkbode ʼn beperkte lesersgetal het, is die diskoers grootliks in die pers gevoer.*

- Die kerk het nie daarin geslaag om antwoorde op aktuele vrae te kontekstualiseer nie. Lidmate is verwar en oor baie kerklike aangeleenthede waaroor die media melding gemaak het, in die duister gelaat. Die Afrikanervolk het die *communitas*-fase leierloosheid inbeweeg, met ingrypende gevolge nie alleen vir die volk nie maar ook vir die NG Kerk.
- Die post-moderne (na-wetenskaplike, na-christelike) gemeenskap, het gaandeweg hulle inhibisies om hul standpunt oor kerklike sake in die openbaar te stel, afgeskud. Die korrespondensiekolomme van koerante wemel die afgelope tyd van briewe waarin lidmate hul frustrasie oor gemeentes en die kerk in die algemeen sterk uitspreek.
- Dit word beraam dat daar sedert 1994 een miljoen blanke Suid-Afrikaners die land verlaat het, meestal jong professionele persone. Dit het ʼn beduidende invloed nie alleen op die land se ekonomie nie, maar ook op die kerklike gemeenskap (Vergelyk ook Le Roux 2001).
- Om te bepaal hoe die NG Kerk in só ʼn tyd funksioneer en bedien moet daar indringend gekyk word na sommige van die basiese beginsels waarop die kerk rus.
- Hierdie studie het bevind dat die kerk op pad is na die volgende kerklike *societas*-fase.
- Daar moes dus nou reeds prosesmatig op strategiese vlak gesoek word na stabiliteit binne die kerklike kring na eiesoortige, gemeente-gerigte bediening struktuurmodelle met die doel om kerkleierskap in ʼn herintegrasie periode te ondersteun.

### 1.2. Anatomie van oorgangstye

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat Suid-Afrika in ʼn oorgangstadium, ʼn *communitas*-fase verkeer en dat dit die NG Kerk ingrypend raak. Terselfdertyd word daar beweeg in die rigting van ʼn nuwe *societas*-fase, waarvoor die kerk nou reeds strategies moet beplan.

In tye wanneer dit goed gaan, is dit moeilik om aan sekere dinge binne die kerk te verander. Mense is nie geneë tot verandering as daar nie een of ander dringende stimulus is om verandering teweeg te bring nie. Daar moet ʼn behoefte aan verandering wees. In tye van voorspoed is veranderinge in ʼn gemeenskap gewoonlik nie baie drasties nie, dit raak nie die bestaanwese van mense nie. In die organisasieteorie staan sulke gebeure bekend as *gevriesde tye*. Oorgangstye bevorder *ontvriesing* en laat dinge weer vloeibaar word, sodat verandering kan plaasvind.

Burger (1995:18) wys daarop dat die kerk in oorgangstye daarop ingestel moet wees om die stem van die Here te hoor sodat gelowiges verandering en krisisse nie beleef as buite God se handeling met hulle nie. Volgens Burger vind verandering makliker in sulke tye plaas omdat mense met groter erns na God se doel met hulle lewens soek en dikwels ervaar dat Hy herskeppend en vernuwend veranderend met Sy kerk besig is. In die Bybel is daar etlike voorbeelde van sulke oorgangstye.

Die Ou Testament beskryf die woestyntog juis as so ŉ oorgangstyd in die lewe van die volk Israel. (Vergelyk Hosea 2:13-14.) Die optrede van die Israeliete was op God se handeling met hulle gerig. Tydens die uitmergelende tog het die Here hulle gevorm om hulle uiteindelik in die beloofde land te bring. Die tog deur die Sinaï was ŉ sirkelroete met ŉ moeilik verstaanbare doel: die volk moes aan God diensbaar word. Oorgangstye kan beskou word as die kraamsaal van die toekoms waartydens die Here sy volgelinge ryklik seën.

Wanneer dit met die kerk goed gaan, skyn dit dat leerstellinge, beskouings, gebruike en liturgieë in beton gegiet is – dus as onaantasbaar beleef word. Byvoorbeeld, dele van Belydenisskrifte wat nie meer volledig verstaanbaar (of van toepassing) is soos wat dit dekades gelede geformuleer is nie, word week na week in die erediens voorgelees. Die kerk (predikante) skyn antwoorde te hê op alles; sonde word maklik in ŉ *kassie* geplaas; en die kerk in die breë is die *tugmeester* van die samelewing. Hierteenoor skud oorgangstye aan baie tradisionele sekerhede binne die kerk: in die lig van die nuwe omstandighede en getuienis gaan daar dikwels nuwe lig op oor baie sake. Daar word nuut gedink oor *waarheid*. Soos ŉ straal wit lig wat in ŉ reënboog van kleure versplinter wanneer dit deur ŉ glasprisma gestuur word, kom gelowiges tot die verrassende en verrykende ondekking dat die Lig (Waarheid) meer fasette het as wat aanvanklik gemeen is wanneer dit binne ŉ nuwe konteks beskou word.

Teologie as vakwetenskap ervaar tydens ŉ *communitas*-fase dikwels dat dit nooit volkome vry is om onbevange as wetenskap beoefen te kan word nie. Konvensies en onderdrukkende beheer van 'leerpuriste', (*in die sin van wat is die ware dogma vir die kerk?*) demp ontwikkeling en vertolk verruimde denke maklik as dwaling, skryf professor Julian Muller in **Die Kerkbode** (10 November 2006). Hy pleit dat die teologie ophou om vir mense vanuit reeds geformuleerde standpunte voor te skryf hoe hulle oor hulleself, oor die wêreld en oor God behoort te dink. Volgens die wet in die model van Victor Turner, word teologiese denke wel in oorgangsfases verruim sodat nuwe insigte oor Bybelwaarhede wel kan inslag vind in opvolgende *societas*-fases.

Daar moet kennis geneem word dat ŉ gevestigde en sterk geïnstitusionaliseerde samelewing vinnig ontwrig word en bedreig voel wanneer groot veranderinge aangebring word. Veiligheid lê in die gewone verloop van die *stelsel* met sy strukture waarbinne daar met sekerheid beweeg kan word. Wanneer hierdie strukture wankel, veroorsaak dit groot onsekerheid: mense soek na substitute. In sulke omstandighede is die kerk geneig om laer te trek.

Na die gebeure van 1994, is dié soort reaksie in die Suid-Afrikaanse samelewing te wagte. ŉ Deel van die bevolking het die oorgangsfase as die afbreek van ŉ vaste en veilige struktuur beleef. Ander groepe het egter met opwinding begin uitsien na ŉ nuwe tydvak. Terugskouend, lyk dit asof die NG Kerk leierskap huiwerig was om nuwe spore te trap in die veranderde omstandighede - om verstaanbare redes. Die geskiedenis van die kerk is so diep in die kulturele en samelewingstendense verweef, dat ŉ opheffing van die simbiose tussen kerk en staat op baie vlakke traumaties was.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die verduideliking wat Victor Turner gee oor gebeure in ŉ oorgangsfase. Omdat die NG Kerk onlosmaaklik verweef is aan die land en die Afrikaner, moet daar noodwendig gekyk word na enkele ingrypende samelewingsgebeure, met die vraag oor hoe dit die NG Kerk raak. Om die identiteit

van die kerk en die leiers van die kerk in die Suid-Afrika na 1994 te probeer begryp en te definieer, moet rekening gehou word met gebeure in die geskiedenis van die kerk wat die huidige stand van leierskap in die NG Kerk grootliks verklaar.

### 1.2.1. Kenmerke van ’n oorgangsfase: Turner se model

Die kulturele antropoloog, Victor Turner, het ’n model ontwerp waarvolgens hy oorgangsfases definieer. Hy onderskei tussen ’n *societas*- en ’n *communitas*-fase:

- ’n S*ocietas*-fase is ’n vaste en veilige gestruktureerde samelewingsvorm.
- ’n *Communitas*-fase, daarenteen, dui op ’n samelewingvorm/verskynsel wat informeel, onseker en minder gestruktureerd is.

Die *societas*-fase dui op ’n voorspoedtydperk van ’n samelewing of ’n groep. Groei, vooruitgang, geordendheid en goeie struktureer kenmerk so ’n tydperk. Groepslede het in hierdie fase positiewe toekomsverwagtinge en ervaar ’n gevoel van sekerheid en geborgenheid. Burger (1995:25) wys daarop dat die Ryk van Dawid in die Ou Testament so ’n *societas*-fase verteenwoordig. Wanneer ’n samelewing beheer oor homself het, ontwikkel struktuur en vaste orde in ’n netwerk van stelsels en funksies. Daar moet egter daarop gewys word dat die gevare van ’n burokrasie in so ’n tydperk ’n wesenlike gevaar is.

Die *communitas*-fase is die teenoorgestelde van ’n *societas*-fase. Dit is ’n tyd wat by uitstek gekenmerk word deur onsekerheid en oorgang. Turner (1967:93) praat van die *anti-structure* in so ’n tyd omdat gestruktureerdheid plek maak vir ’n gang-van-die-dag hantering van situasies. Dit is ’n tyd waarin nuwe waardes geformuleer word wat uiteindelik weer strukture word en lei tot die vorming van ’n nuwe *societas*-fase. Dekonstruksie en degenerasie is kenmerkend van hierdie fase. Ordeninge en geïnstitusionaliseerde gedragsisteme wat in ’n *societas*-fase redelik goed gewerk het, is moontlik in ’n *communitas*-fase glad nie doeltreffend nie. Die tipiese ervaring wanneer daar van die een fase na die ander toe oorbeweeg word, is dat alles wat bekend en goed voel, ineenstort. Burger (1995:27) is van mening dat die seën van die Here in *communitas*-tye soms baie meer sin het as in die gemaklike en gerieflike *societas*-tye.

### 1.2.2 Turner se beskrywing van fases:


| **(a) *Societas*-fase:** | **(b) *Communitas*- fase:** |
|---|---|
| • Voorspoedtyd<br>• Gestruktureerde verbande<br>• Orde en reëls<br>• Fokus op rolle en funksies<br>• ’n Hiërargie van status<br>• Gevoel van geborgenheid | • Oorgangstyd<br>• Ongestruktureerd<br>• Min vaste reëls<br>• Fokus op mense en verhoudings<br>• Groter gelykheid tussen mense<br>• Gevoel van onsekerheid |

Turner (1974:23-59) beskryf oorgang as 'n *social drama* wat plaasvind wanneer daar vanuit die *societas*-fase beweeg word:

- Daar kom 'n afbreekmoment waarin 'n onomkeerbare beweging na die *communitas*-fase begin (*breach*).
- Die werklike krisis wat die momentum inisieer vind plaas (*crisis*).
- Die lang herrangskikkingsfase begin (*redressive action*).
- Die herintegrasiefase begin (*reintegration*).
- 'n Nuwe *societas*-fase ontstaan

Hierdie momente is tydens die gebeure moeilik begrensbaar, maar kan ná die tyd duidelik ontleed word.

Turner bied die volgende skematiese voorstelling van gebeure tydens die verskillende fases:




In die Suid-Afrikaanse konteks dui hierdie fases op:


- Ekklesiologiese gebeure vóór 1994 wat met die onderhandelinge tussen die vorige regering en die ANC by die World Trade Centre in Kempton Park tot 'n hoogtepunt gevoer word
- Die verkiesing van 1994 en die realiteite van die regeringsverandering
- Die fase van sosiale en maatskaplike veranderinge na 1994
- Herintegrasie as 'n proses waaraan die NG Kerk deel het deur byvoorbeeld kerkhereniging, nuwe bedieningsmetodiek, bediening struktuur-modelle en gedefinieerde leierskapsidentiteit.

Arbuckle (1993:36) 'n katolieke teoloog wat ook 'n kulturele antropoloog is, het bovermelde model van Turner as volg vir Christelike gemeenskappe aangepas:

- Eerstens is daar 'n skeidingsfase waarin die gemeenskap van die ou situasie losgeskeur word.
- Tweedens vind die werklike *communitas*-fase plaas waarin dinge uit die *societas*-tyd gerelativeer word. Geordende strukture ontbreek, terwyl die gang van dinge redelik ongeorden is. Dit is die tyd van die *limen,* die *oorsteek van die drempel na die ander*. In hierdie tyd ontwikkel nuwe energie en stimuli.

- Die derde fase is die een van herintegrasie en hersamestelling. Die aanbreek van 'n nuwe *societas*-fase is nou voor die handliggend.

### 1.2.3 Arbuckle se model:




Dit is belangrik om daarop te let dat in 'n *communitas*-tydperk, waarin 'n klomp negatiewe ervaringe en ontwrigting plaasvind, daar ook 'n aantal positiewe dinge gebeur. Die energiepunte is geskakel met die wegval van die vaste hiërargiese orde wat die geïnstitusionaliseerde *societas*-tyd gekenmerk het (Burger 1995:31).

Arbuckle noem hierdie *communitas*-fase die *limenaliteit*-periode, wat gekenmerk word deur die volgende faktore wat energiepunte is (ook grenservaringe genoem):

- Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings.
- 'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef.
- Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef.
- Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe (Burger 1995:31).

In die lig van die eerste punt wat Arbuckle noem, moet daar juis gesoek word na bediening struktuurmodelle wat tydens en na die limen as ondersteuningsmeganisme moet dien ten einde die identiteit van gemeenteleierskap en gemeentebestuur te reïntegreer. Sodoende kan daar beweeg word in die rigting van die volgende (nuwe) *societas*-fase. Die navorsing stel die hipotese dat eiesoortige strukture binne die bestuur van die kerk en die definiëring van haar taak tot meer stabiliteit sal lei binne die woelinge van 'n *communitas*-fase. Dit sal lei tot die oorsteek van die *limen*, wat herintegrasie aan die hand werk.

Arbuckle meen dat daar drie belangrike fases is wat tydens die *communitas* onderskei kan word (1993:46; vergelyk ook Arbuckle 1991).

- Die afskeid- of breukfase (*separation)*,
- Die werklike oorgangsfase (*limenality*),
- Die herintegrasiefase (*reaggregation*).

Hy maak ŉ aantal belangrike opmerkings oor ŉ *communitas*-fase:

- Individue interpreteer ŉ oorgangsfase gewoonlik beter as die massa.
- Nie almal word ewe veel deur ŉ oorgangsfase beïnvloed nie.
- Daar is ŉ verskil tussen die belewenis van ryk en arm mense.
- Die *limenaliteit-* fase word gekenmerk deur angs en vrees waarin talle mense verkies om hulle buite die bedreigende situasie te stel. Dit is ook algemeen bekend dat wanneer die vrees-emosie deurgewerk is, daar sowel nuwe moed en kreatiwiteit as ŉ nuwe groeifase ontstaan.
- In die fase van herintegrasie word die positiewe belewenisse tydens in die *communitas*-fase geïnternaliseer en deel gemaak van die nuwe *societas*-fase wat aanbreek.
- *Communitas*-fases kan ten spyte van negatiewe reaksies aan die begin daarvan, baie positiewe resultate tot gevolg hê in die kreatiewe fase wat later aanbreek en lei tot die nuwe *societas*.
- Binne ŉ *communitas*-fase is dit noodsaaklik dat die kerk haar lidmate nader trek en hulle onsekerhede binne die *koinonia* van die gemeente akkommodeer. Vertroostende en opbouende verhoudings is ŉ faktor wat nuwe sekerhede help vestig. Oorgangstye laat status verval en mense ontmoet mekaar op ŉ meer gelyke basis.
- Die inkeringsproses wat tot ŉ verdiepte spiritualiteit lei, dwing mense soms om nader aan hulle self, die ware ek, te lewe. ŉ Onseker toekoms lei mense ook om te soek na die ankers van hulle lewens.
- Die limenaliteit van die derde fase dwing mense om grense oor te steek Dit is ŉ bevrydende en kreatiewe fase. Op hierdie weg, aan die ander kant van die gewone grense van bestaan, word alles nuut. In die Suid-Afrikaanse situasie beteken dit dat baie mense, veral uit die bevoorregte gemeenskap, in ŉ nuwe fase inbeweeg waarin hulle nuwe ankers moet vind om sin aan hulle eie bestaan te gee.
- ŉ Oorgangsfase hou uiteraard implikasies vir die bestaanstyl van ŉ gemeente in. Die bediening en inhoud van die erediens word radikaal deur ŉ *communitas*-fase geraak. Eredienste sal byvoorbeeld baie meer persoonsgerig moet wees: persoonlike verhoudinge moet beklemtoon word om mense tuis te laat voel. Oorgangstye kan mense van die kerk vervreem indien hulle nie meer in die erediens tuis voel nie. Burger (1995:52) wys tereg daarop dat die styl van die liturgie van ŉ strak en metodiese model na ŉ meer ontspanne een moet verander om lidmate se deelname en aandag te behou. (Vergelyk Marcel Barnard 2006, Paul Oskamp en Niek Schurman 1998.) In ŉ oorgangsfase het mense behoefte aan ŉ meer gemaklike en informele styl, omdat dit hulle in staat stel om gemakliker met ander lidmate om te gaan en aan te pas by verandering in die kerk. ŉ Belangrike aspek van die leraarsamp in ŉ oorgangstyd, is die priesteramp: indien dit uitgeoefen word, bied dit aan lidmate ŉ gevoel van geborgenheid. Kerke waarin daar in die verlede groter klem op die profete-amp gelê is as op die priesteramp, ervaar dat van hulle lidmate gemeentes gaan opsoek waar die priesteramp sterk figureer.

Binne die oorgangsfase in die Suid-Afrikaanse samelewing het baie van bogemelde gebeure gerealiseer. Ongeveer een miljoen Suid-Afrikaners het reeds tydens die *limen* die land verlaat omdat hulle na ŉ meer stabiele toekoms soek. Tydens ŉ *communitas*-

fase lyk dit asof daar oor 'n groot deel van die samelewing 'n skemerte, of selfs 'n donkerte, toesak. Die helder ligkol waarbinne gelowiges in 'n *societas*-fase gemaklik en ontspanne geleef het, krimp in 'n *communitas*-fase. Persone word uit die veilige sisteem gedruk en beland op plekke waar hulle nie wil wees nie (Burger 1995:102). Baie beleef erge traumatiese omstandighede deurdat vastighede en sekerhede (soos werk en inkomste) ontneem word. De Klerk (2000:13) beskryf hierdie oorgangsituasie in Suid-Afrika besonder treffend as hy verwys na die blanke Afrikaner se verlies van mag en status, en die belewenis van morele verval ná 1994. Hy wys op voedingsbronne wat krimp ten opsigte van onderwys, godsdiens, verenigingslewe en die beroepslewe. *Die Afrikaanse pottebakkers verdwyn, die kruike bars, die inhoud van Afrikaanse kultuur versand en die hele Afrikaner aksie word irrelevant* (De Klerk 2000:13).

**1.3 Bevrydende post-moderne denke**

Hierdie studie verwys na 'n post-moderne samelewing en nie 'n post-christelike samelewing soos Du Rand (2002:270) voorstel nie. Die post-moderne tyd word geassosieer met evolusionêre ontwikkeling waarin definisies moeilik formuleerbaar is en die denkstruktuur vele fasette insluit (Du Toit 2000:51). Dit is 'n tyd waarin daar groter waardering is vir emosie en intuïsie. Die mens van ons dag wil innerlik meer geïntegreerd lewe (Nicol 1996:14). Die huidige tydsfase is onseker en baie waarhede uit die tradisie word as relatief beleef. (Vergelyk ook Giddens 1994.) Dat vrae op 'n nuwe wyse gestel word, dui daarop dat die tyd nie slegs op ervaring, emosie en verhoudings fokus nie. 'n Voorbeeld hiervan is die teologiese nadenke van Adrio König in **God waarom lyk die wêreld só?** Ou waarhede word radikaal herinterpreteer wanneer hy die kernvraag vra: *Kan ons sê: God is in beheer en hoe is Hy betrokke?* (2002:18). Dit is die vraag waarmee die mens van ons dag worstel.

Die groot veranderinge in die land sedert 1994 het post-moderne denke versnel en 'n meer vrydenkende kerkgemeenskap tot stand laat kom. In die proses het daar 'n duidelike skeidslyn gekom tussen tradisionele en vernuwende denke. Van Niekerk, (2005:23) wys daarop dat een van die belangrike positiewe bydraes van die post-modernisme 'n groter vryheid van denke sonder die vrees vir sosiale verwerping is. Daar is groter vrymoedigheid om dialoog te voer. Een van die beklemmende dinge van die ou bedeling (apartheidstelsel), skryf hy, was dat die Afrikaner min gespreksgeleenthede gebied is. Mense was sku om uiting aan persoonlik opinie te gee. Apartheid was 'n outoritêre stelsel wat sterk op intimidasie en vrees staatgemaak het om mense *in die laer te hou.* Andersdenkendes is afgesonder, uitgeskuif en geëtiketteer. Dit was veral waar in die NG Kerk. Die kerk is afgesonder en moes dekades lank na binne leef en put uit eie en oorgelewerde tradisie vanuit haar wordingsgeskiedenis.

Binne die NG Kerk het die *communitas*-fase, verskerp deur die post-modernisme, 'n veel groter ruimte vir vrye spraak gebring. Dit is vandag moontlik om vernuwend te dink en praat oor oorgelewerde geloofstradisies en leerstellinge van die gereformeerde teologie. Terselfdertyd raak die Suid-Afrikaanse samelewing egter ook toenemend gesekulariseer. Die impak hiervan moet nie onderskat word nie: dit dra waarskynlik ook by tot die vrye en liberale denke van ons dag (Burger 1995:15). Hierdie studie lê klem op die positiewe aspekte van die post-modernisme, met inagneming van die negatiewe. Voorbeelde van die negatiewe is, byvoorbeeld, die relatiwiteit van

waarheid en die onsekerheid wat post-modernisme tot gevolg het. (Vergelyk Adam, 1995, se skrywe oor Post-moderne kritiek oor die Bybel.) Daar moet egter onthou word dat fundamentaliste geneig is om hulle in ŉ oorgangstyd as die *polisie van die suiwere leer* aan te stel (Muller, **Die Kerkbode** 10 November 2006).

Aan die begin van die twintigste eeu was daar groot verwagtinge van die kerk. Dit is gestimuleer deur die ekumeniese beweging wat kerke wêreldwyd opgeroep het tot groter getuienislewering. ŉ Eeu later kan daar met stelligheid gesê word dat die kerk (veral die meer tradisionele kerke) vinnig besig is om tot ŉ onbeduidende randverskynsel uitgeskuif te word. Johan Heyns (1977:1) het dit reeds dertig jaar gelede uitgewys. Oor ŉ breë spektrum lyk dit asof die impak van die erediens afneem. Jongmense woon minder eredienste by, soms net op spesifieke plekke of in spesifieke gemeentes, en daar is nie meer by lidmate onvoorwaardelike lojaliteit aan hul gemeentes nie. Waarneming van die praktyk laat geen ander konklusie nie as dat die ou kerklike tradisie in ŉ doodloopstraat is nie.

Die bevrydende post-moderne denke spoel soos ŉ vloedgolf oor die kerk en dring haar tot teologiese vernuwing. Die rol van die kerk en sommige leerstellinge uit die verlede word bevraagteken; so ook die geloofwaardigheid van die kerk. Literatuur weerspieël verwarring en sinisme ten opsigte van godsdiens in die algemeen en die rol van die kerk in besonder. Kerklidmate is onseker oor tradisionele, geykte gebruike en leerstellings en plaas dit skerp onder die soeklig. In sommige gevalle lei dit tot ŉ geloofskrisis: God is besig om te verdwyn uit die daaglikse lewe van die gemeenskap. Nuwe denke daag tradisionele leerstellings tot debat en die gevestigde kerk val half paniekerig rond in haar pogings om die onbehaaglikheid van lidmate te besweer. (Vergelyk in hierdie verband ook Tony Jones **Postmodern Youth Ministry** 2001, oor die invloed van die postmodernisme op die jeug in die huidige tyd.)

Uniek aan Suid-Afrika is hierdie situasie nie. Dit lê in lyn met die Europese ervaring waarvan Gerben Heitink skryf in sy afskeidsrede in 2004 aan die Vrije Universiteit van Amsterdam: *Een laat moderne cultuur gaat over in wat we postmodern zijn gaan noemen. De omvattende ideologieën, theorieën en oplossingen zijn weggevallen en daarmee raakt het bewustzijn meer en meer gefragmenteerd. We moeten het doen met deeloplossingen en deelwaarheden, en scherven brengen niet altijd geluk.* Heyns vra reeds in 1977 watter sin kerklike uitsprake nog het indien daar verkondig word dat dit nie regtig meer nodig is om na die stem van die kerk te luister nie. Hy sê ook dat daar ŉ ander kant van die saak is. *ŉ Afdoende antwoord op al die ongeduldige vrae oor die kerk, sy wese en funksie, sy oorsprong en bestemming, sy noodsaaklikheid en grense, op al die voorgestelde suggesties oor die toekomstige gestalte van die kerk en sy sosiaal-maatskaplike en veral politieke taak in ons moderne samelewing kan alleen gegee word as die antwoorde kom met die gesag van die Woord* (Heyns 1977:1-3).

Van Niekerk (2005:25) is van mening dat die kerk se hermeneutiese hantering van baie Bybelgedeeltes eenvoudig nie meer vir die een en twintigste eeu (post-moderne tyd) van pas is nie. Hier word verwys na, byvoorbeeld, die interpretasie van die maagdelike geboorte, kruisiging van Jesus, Sy begrafnis, die opstanding en die godheid van Christus en die kerklike leer oor sonde as erfsmet. Hy wys daarop dat die groeiende getal lidmate buite die tradisionele kerke in Suid-Afrika nie noodwendig Godvervreemd raak nie, maar op ander maniere uiting aan hulle geloof gee omdat hulle ŉ godsbehoefte het, maar nie meer noodwendig saamstem met die

*sekerhede en onveranderlike vastighede* en wyse van Woordbediening in die kerk soos deur baie jare toegepas. Skrywers soos Tabor, (2006:199-205; geboorte van Christus) Baigent, (2006:129-131; kruisiging) en Jacobovici & Pellegrino, (2007:245; begrafnis), waag om radikale nuwe standpunte oor Jesus en sy familie in teestelling met die tradisionele gereformeerde beskouinge te stel. Hierdie skrywers se boeke word gelees deur lidmate en bring onsekerhede by hulle.

Jamieson (2002:50-55) troos die tradisionele kerke wanneer hy in sy navorsing bevind dat dit nie net hulle is wat hiermee sukkel nie, maar ook charismaties-georiënteerde groeperinge. Ook by laasgenoemde verlaat byna net so baie lidmate die kerk deur die agterdeur as wat deur die kerklike voordeur instroom. Kerkleierskap sal juis op hierdie *Churchless Faith* (dit is die gelowiges wat die kerk verlaat) attent gemaak moet word. Hierdie mense moet op een of ander manier 'teruggelei' word. In die meeste NG Kerke is die roeping om verloopte lidmate terug te wen maar laag op die agenda. Met die 'Spannenberg-verhoor' in Pretoria, was dit uit verslae en kommentaar duidelik dat daar steeds in die NG Kerk ŉ inkwisisie-mentaliteit skuil. Andersdenkendes word nie geduld nie. Met *Te Deus laudimus*-gesange (soos die danklied wat die monnike aanhef toe hulle Salvonarola op die markplein van Bologné verbrand) word hulle tot kerklike ballingskap gedwing.

Die Skrifgedeelte oor die verlore skaap is ŉ pragtige verhaal, maar word nie ernstig toegepas ten opsigte van gelowiges buite die kerk nie. Jamieson (2002:25) wys daarop dat die pastore van charismatiese kerke ook nie ywerig is om besoeke by hierdie *uitgeloopte* lidmate af te lê nie. Dit is veel makliker om hulle nie te besoek nie as om daadwerklike pogings aan te wend om binne die kerk aan hul behoeftes te probeer voldoen. Baie van hierdie mense voel dat hulle nie geestelik kan groei deur jaar na jaar in eredienste bloot na 'kapstokpreke' aan die hand van gedramatiseerde vertellinge van oorbekende 'Sondagskoolverhale' te luister nie.

Die nuwe generasie geestelik volwasse gelowiges buite die kerk is nie meer tevrede om te luister na die morele lessies van baie predikers nie. Hulle staan skepties oor die wonderwerk-krukke-ophang-kerke. Uitsprake van kerkleiers word sorgvuldig geweeg en soms met sinisme verwerp. Hulle aanvaar (verstaan) dit byvoorbeeld nie as kerklike leiers soos Bill Hybels oor die daarstel van ŉ visie sê: *sometimes a vision comes like a epiphany, all at once – Bang – it's there* (2002:33). Baie van hierdie kerkverlaters verlang innig om die stem van God te hoor en soek ernstig na Hom in hierdie post-moderne tyd, maar neem die ryke verbeeldingsvlugte van individue wat op buitengewone ervarings aanspraak maak met ŉ knippie sout. Volgens Willem Nicol (1996:48-49) het die post-moderne mens ŉ baie groot behoefte aan stilte en meditasie. Mense het behoefte aan innerlike ervaring, maar vind uitsprake soos byvoorbeeld dat die breek van ŉ hoender 'wensbeentjie' die weg tot okkultiese betrokkenheid oopmaak, absurd.

Die post-moderne era vra ŉ nuwe tipe kerkleierskap, asook rasioneel-gebalanseerde, gevoelvolle en indringende uitleg van die Bybel binne ŉ deeglik nagevorsde konteks. Die mens van ons dag is naas die feit dat hy na binne keer, ook ŉ skerp ontledende wese wat graag antwoorde soek op die talle dinge wat hy beleef. Naas ervaring, is daar ŉ groot behoefte aan ŉ intellektuele spiritualiteit, wat diep en innig vestig. Die opdrag van God aan die mens van die begin af was immers om oor die aarde te heers en dit te onderwerp. Post-moderne mense verwelkom die ontwikkeling van die

tegnologie en nuwe wetenskaplike kennis oor talle sake. Waarom moet die teologie stilstaan by die uitlegte van die plat-aarde kerkvaders van die vorige eeu? Kerkleiers het die reusetaak om te keer dat die slotte aan die deure van hulle kerke toeklap. Hulle sal die aangesig van die Here moet soek vir ŉ godsdiensbelewenis waarmee hulle *alle* lidmate (veral die post-modernes) kan lei tot aanbidding en geloofsvervulling. Laasgenoemde behels verseker nie bloot ŉ *praise-en-worship*-mentaliteit nie.

Baie post-moderne NG kerklidmate vra, byvoorbeeld, hoe die NG Kerk apartheid skriftuurlik kon regverdig (dit was as Bybelse waarheid deur die Kerk voorgehou). Baie het ook min erg aan die tradisionele kenmerke van die 'ware' kerk, soos opgeteken in die Belydenisskrifte, Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis - Woordverkondiging, die korrekte bediening van die sakramente en die uitoefening van die tug (Polman Deel 2:180). Hulle is onseker oor sekere dele van die Apostolicum wat tradisioneel tydens die liturgiese handelinge in die erediens opgesê word, omdat hulle wéét dat die Skrif nie leer Christus na die 'hel' neergedaal het nie. So ook wil hulle nie die 'opstanding van die vlees' hardop bely as Paulus in 1 Korintiërs 15: 43-44 van die opstanding van ŉ 'nuwe verheerlikte liggaam' praat nie. Die grootste soeke van mense in ons tyd is om ŉ kerk te vind waar die prediking en aksies relevant is en hulle toegerus kan word om in hulle daaglikse lewe Christene te wees!

## 1.4 ŉ Historiese interpretasie van enkele hoofmomente in die Suid-Afrikaanse kerklike samelewingkonteks voor en na 1994:

In ŉ *communitas*-fase wankel laaste bastions Die huidige post-moderne tyd grawe diep in die verlede in en moedig mense aan om te leer uit die foute wat gemaak is. Om enigsins te verstaan hoe die kerk vir die nuwe en hopelik meer stabiele *societas*-fase moet beplan, is ŉ historiese terugblik oor gebeure nodig.

Die Afrikaner en sy kerk(e) is onlosmaaklik verbonde aan die geskiedenis van Suid-Afrika. Na die politieke omwentelinge van 1994, word die geskiedenis herinterpreteer en bevind die NG Kerk haar in ŉ fase waarin sy weer deeglik van die verlede kennis moet neem. Die verandering in Suid-Afrika was so drasties dat *vandag* nie sonder *gister* verstaan kan word nie.

Soos reeds vermeld, bevind die NG Kerk haar in ŉ situasie waarin vrye denke en vernuwing as deel van die nuwe liberale demokrasie ontwikkel het. Baie Afrikaners wat hierdie gebeure as bedreiging beleef het, sien die kerk tradisioneel as ŉ laaste bastion van sekerheid en onveranderlikheid. Dit vorm vir party ook die laaste laer vir verskansing teen die realiteite van die Suid- Afrika ná 1994. Baie mense is diep teleurgesteld met die kerk en verkwalik die kerk vir baie dinge. Kerkleierskap word daarvan beskuldig dat hulle traag uit die blokke kom, juis in ŉ tyd wat so baie geleenthede bied. Lidmate is van mening dat die kerk vir die toekoms ŉ nuwe leiersrol moet ontwikkel, binne die nuwe samelewing, los van die ou politieke bedeling. Dit lyk egter asof die tradisionele kerkmasjinerie eenvoudig net te lomp en te stadig is vir die vinnige buitebaanverkeer waardeur die kerk tans meegesleur word. Gerber en du Toit (amptenare van die kerk) word vinnig gerepudieer wanneer hulle probeer om antwoorde te gee oor dringende sake *voordat* die Algemene Sinodale Diensraad sake kon 'bestudeer'. Omdat baie Afrikaners tradisioneel ŉ verweefde

kerklik tradisionele verbintenis het, is hulle nie in staat om die huidige *communitas*-gebeure op politieke, ekonomiese en maatskaplike vlak, heeltemal los van die kerk te verwerk nie.

### 1.4.1 Gebeure voor 1994

*Die navorsing noem enkele van die belangrike en invloedryke gebeure in die geskiedenis van die kerk en Suid-Afrika om 'n beter begrip te vorm van die huidige oorgangsfase. Die geskiedkundige feite oor kerkleierskap belig en bring begrip oor die tipe leierskap voor 1994, sowel as die skynbare lae-profiel versigtige leierskapstyl van die NG Kerk (tot op plaaslike gemeentevlak) in die huidige gevorderde communitas-fase.*

*Die geskiedkundige momente wat geselekteer is om as agtergrond ontleding te dien oor die verbintenis tussen die owerheid en kerkleierskap is:*

- Die gebeure met die koms van Jan van Riebeeck in 1652
- Die Groot Trek van 1938
- Die Anglo Boere-oorloë
- Die opkoms van Afrikaner Nasionalisme
- Vroeë leierskap in die NG Kerk

#### 1.4.1.1 Die koms van Jan van Riebeeck in 1652

Die Hervorming het aanhangers van die gereformeerde leer sterk laat toeneem in die Nederlande. Dit was hoofsaaklik hulle wat in 1568 met die Tagtigjarige Oorlog in verset gekom het teen die Spaanse koning, Filips II, wat ook die heerser van die Nederlande was. Namate hulle daarin geslaag het om die juk van Spaanse oorheersing af te skud, het die belyers van die gereformeerde geloofsleer begin om hulleself kerklik te organiseer. Die invloed van die kerklike organisasie wat Calvyn in Genève gevestig het, die *I'Eglise réformée*, het ook kerklike gebeure in Nederland beïnvloed. Diegene wat na die Hervorming in Nederland van die Rooms-Katolieke Kerk weggeskeur het, het hulleself 'Gereformeerd' genoem. Die naam is tot diep in die agtiende eeu in Nederland gebruik, soos blyk in die aanhef van die Acta van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619.

Die organisasie en struktuur van hierdie kerk was geskoei op die patroon wat Calvyn in Genève daargestel het. Basies was daar die amp van die doktors, die herders en leraars wat die Woordverkondiging moes doen, die opsieners of ouderlinge wat oor die handel en wandel van die gemeente toesig gehou het, en die diakens aan wie die versorging van die armes opgedra is. Die stelsel (behalwe die van die doktors) is deur die Nederlandse Gereformeerde Kerk oorgeneem en vind neerslag in Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die karakter van die kerk wat gevestig is, het nie van ander Calvinistiese kerke verskil nie. Die protestantisme was gewoond aan die stryd om leeroorlewing. Daar was egter ruimte vir andersdenkendes. *Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie feit ook van toepassing is op die kerk wat aan die Kaap geplant is.*

Die Nederlandse kerk het die standpunt gehandhaaf dat die kerk 'n baie nou verbintenis met die staat het. Dit is as die taak van die staat gesien om die kerk met haar plig by te staan. In hierdie uitgangspunt het iets van die Roomse Tradisie bly vassteek. Dit is verwoord in Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Aan die ander kant, het die staat weer verwag dat die kerk hom in sy taak moes bystaan. Gevolglik het politieke en kerklike belange dikwels ineenverstrengel geraak het.

Die opstand van die Nederlandse Calviniste teen die gesag van die Spaanse Koning het hulle na 1651 in amptelike gesagsposisies in die staatdiens geplaas. Dit was die stand van die kerk-staat verhouding toe Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het.

Die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652, word soms as 'n 'begin' of 'n 'gestuurdheid' vertolk. Die sowat 90 persone wat hom vergesel begin om 'n buitepos aan die Kaap te ontwikkel. Wanneer hy sowat tien jaar later in Batavia sterf, is 'n bedrywige buitepos aan die Kaap van Goeie hoop gevestig. In 'n onlangse publikasie skryf van Dijk (2006:104 e.v.) dat die geskiedenis van Suid-Afrika nie met die koms van van Riebeeck 'begin' het nie. Daar was lank voor die vestiging van kolonialisme reeds inheemse bevolkingsgroepe in die land. Bekende voorbeelde hiervan is die Koi en San gemeenskappe wat in die Kaap handel gedryf het met die Hollanders.

In 1688 arriveer 200 Franse Hugenote in die Kaap. (Die vraag word dikwels geopper of hulle werklik vir hulle geloof gevlug het, en of dit bloot 'n geval was dat hulle hul nie aan die owerheid se gesag wou onderwerp nie?) Teen 1800 tel die blanke gemeenskap ongeveer 37,000 siele aan die Kaap. In 1820 vestig die Britse setlaars hulle in die Oos-Kaap sonder om regtig betrokke te raak by die res van die land en sy omstandighede

Die kerk in Nederland het gedurende die sewentiende eeu nog algemeen as die 'Gereformeerde Kerk' bekend gestaan. Dié naam is ook aanvanklik aan die Kaap gebruik. Toe die eerste gemeente in 1665 gestig en die Kerkraad verkies is, word die volgende resolusie aanvaar: *Wij onderschreven, Abr. Schut, ouderling, en Johan Reinerszen, diaken...erkennen met dezen de belijdenisse der Gereformeerde Kerke voor goed en met het Woord Gods overeenstaande* (Scholtz 1956:7; vergelyk ook van der Watt, **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1652-1824.)

Aan die einde van die agtiende eeu staan die kerk aan die Kaap bekend as 'Hervormd': dit is die naam wat Kommissaris-Generaal JA de Mist gebruik het toe hy in 1804 'n Kerkorde vir die kerk aan die Kaap opgestel het. Hierdie Kerkorde verwys na die Hervormde Kerkgenootskap (Scholtz, 1956:9; vergelyk ook www.kerkrecht.nl/main.asp).

Die kerk aan die Kaap het die organisasie en strukture van die moederkerk in Nederland gehandhaaf. Hierdie verhouding was baie belangrik vir die kerk en die Trekkers het dit sover moontlik gehandhaaf toe hulle die binneland ingetrek het. Die owerheid, die Oos-Indiese Kompanjie, het die kerk aan die Kaap met 'n ysterhand regeer. Predikante is as amptenare van die Kompanjie beskou en hulle traktement is deur die onderneming betaal. Selfs hulle standplase is deur die

owerheid aangewys. Die benoeming van ouderlinge moes ook eers deur die owerheid goedgekeur word (Scholtz 1956:10).

Die bekendste ingryping van die owerheid aan die Kaap was die inwerkingstelling van die Kerkorde van de Mist in 1804. Van 'n vrye kerk wat eie besluite los van die van die owerheid kon neem, was daar nie meer sprake indien Artikel 5 van die Kerkorde in ag geneem is nie: *Het Gouvernement laat aan elk Kerk-genoodschap de vrij oplegging van deszelfs bijzondere Leerstelsels, en maakt daarin nimmer eenige beslissingen of bepalingen. Het behoudt echter aan zich de onvervreembare macht om te kunnen beoordelen de uitwerkselen dier Leerstelsels op den Burgerstaat en op den geest en die gedragingen der Ingezetenen. Het is verpligt die uit-werzelen, indien die voor schadelijk mogen gehouden worden, tegen te gaan, te beletten of te machtigen. De Leeraars zijn verpligt zich aan de besluiten van het Gouvernement ten dezen opzichte te onderwerpen* (Scholtz 1956:10; vergelyk in hierdie verband ook FE O'B Geldenhuys (1951) se boek oor die ontwikkeling van die tradisionele regsposisie van die kerkraad, ring en sinode in die Gereformeerde stelsel asook (www.kerkpad.co.za ).

Dit is ook van groot belang om kennis te neem dat die Gereformeerde Kerk aan die Kaap, net soos in Nederland, 'n bevoorregte posisie ten opsigte van ander kerke beklee het. Alleen lede van hierdie kerk kon openbare ampte beklee en huise van aanbidding (kerke) besit om dienste in te hou. Die aanhangers van die Lutherse leer het hieroor beswaar aangeteken. Die saak is uiteindelik in 1780 reggestel, maar die Gereformeerde Kerk het hard vir haar bevoorregte posisie voortgestry.

Na die verowering van die Kaap deur Brittanje, het die posisie van die kerk verander. Die Britse owerheid het die kerk toegelaat om haar eie karakter te ontwikkel. Die bande met die Nederlandse kerk het egter sterk gebly, soveel so dat die naam ook vir 'n tyd dieselfde gebly het. In 1824 is die sinodale vergadering waarvoor De Mist in sy Kerkorde voorsiening gemaak het, gehou en stel die Kaapse Sinode 'n eie Kerkorde op.

**1.4.1.2 Die Groot Trek van 1836**

- Op hierdie stadium was daar nie sprake van 'n Afrikaner-identiteit aan die Kaap nie. Eers ná die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 is daar tekens van 'n soeke na 'n eie identiteit en nasionalisme. Die 'Afrikaners' aan die Kaap het verskillende lojaliteite gehad: sommige was tevrede met die Britse staatkundige oorheersing, terwyl ander 'n eie identiteit en selfstandigheid wou handhaaf. Die Groot Trek van 1836 en die stigting later van die Boererepublieke van Transvaal (1852), Oranje Vrystaat (1854), en die Afrikaanse taalbeweging in 1870, was enkele uitvloeisels van hierdie soeke na eie identiteit.

- Dit is bekend dat Afrikaners reeds aan die einde van die agtiende eeu so 'n sterk kleurbesef gehad het dat hulle hulself nie kon versoen met die amptelike kleurbeleid van sowel die NG Kerk as die Britse owerheid aan die Kaap nie. Strooptogte op die oostelike plase deur swart mense het hierdie kleurgevoel verskerp en ook tot die Groot Trek aanleiding gegee. In die eerste en vyfde

artikel van Piet Retief se Trek-manifes word dit duidelik gestel dat die rassevraagstuk die Trekkers noop om 'n nuwe gebied te gaan vestig waar daar nie so 'n probleem sou wees nie. Dit is ook baie duidelik dat die NG Kerk 'n besondere plek in hierdie 'nuwe staat' sou ontvang.

- Alhoewel die Trekkers hulle bande met die Kaapse owerheid gebreek het, was die teenoorgestelde waar van die NG Kerk. Lidmate wou nie van hulle kerklidmaatskap afstand doen nie. Kerklike bestuur is net soos voor die Britse besetting van die Kaap hanteer. Waarskynlik was die verkiesing van Stephanus Maritz as ouderling en Sarel Cilliers en C Viljoen as diakens op 8 Februarie 1837, die eerste stap tot kerkvorming buite die Kaap. Retief het die kerk as ondergeskik tot die owerheid gesien en hierdie beskouing die politieke handelinge van die Trekkers kenmerk. Omdat die Kaapse NG Kerk die Trek nie goedgekeur het nie, soos blyk uit die notule van die Sinodesitting van 17 Oktober 1837 in Kaapstad, wou hulle nie 'n predikant aan die trekkers beskikbaarstel nie. Uit die brief van ds. TJ Herolt aan die Sinode was dit duidelik dat die kerk die owerheid steeds as hulle hoeder gesien het en dat die trekkers hulle by owerheidsbesluite moes neerlê (Scholtz 1956:19-21).

Die geskiedenis van die NG Kerk ten noorde van die Oranjerivier was vanaf 1836 tot 1902 nie van die politieke geskiedenis geskei nie. Verskeie gemeentes is in plekke soos Pietermaritzburg, Lydenburg en Pretoria in samewerking met Voortrekkerleiers gestig. Die kerkleierskap strukture, wat leraars, ouderlinge en diakens ingesluit het, was geskoei op die herder-kudde-model van die Kaapse kerk wat uit Nederland oorgedra is. Ná 1885 was die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk die grootste kerk in Suid-Afrika. Die verbondenheid tussen staat en NG Kerk het tot in 1994 voortbestaan en het 'n drastiese invloed op kerkleierskap uitgeoefen.

#### 1.4.1.3 Die Anglo-Boereoorloë

Die Anglo-Boereoorlog wat op 11 Oktober 1899 begin het en uiteindelik met die Vrede van Vereniging op 31 Mei 1902 finaal beëindig is, het die Afrikanervolk verslae en verbitterd gelaat. Die gedig '*Vrede-aand*' van Louis Leipoldt beeld hierdie rou emosie van die volk uit:

*Dis vrede, man: die oorlog is verby*
*Hoor jy die mense skreeu, die strate vol?*
*Sien jy die hele wêreld is op hol?*
*Kom hiers 'n bottel soetwyn: laat ons drink!*
*Ons het ons nasie in die see gesink:*
*Ons het geen land meer nie: dis klaar met kees!*
*Dis vrede nou! Kom skree – of is jy hees*
*van lag? Lag maar, want die storie's uit:*
*Ons nasie's weg, ons kan daarna weer fluit!*

Van belang gedurende die twee Vryheidsoorloë was dat die meerderheid van die Transvaalse Afrikaners teen 1899 aan die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk behoort het en dat die kerk betrokke sou raak by die volkstryd. Predikante van die Nederduitse Gereformeerde of Hervormde Kerk was saam met Boerekommando's

in die veld; ŉ paar, soos di. AP Kriel van Langlaagte; EC Andersen van Vryheid; JM Louw van Boksburg; HJ Neethling van Lydenburg en JW Strassheim van Klerksdorp, was bittereinders. Twee leraars is op St. Helena en Ceylon aangehou, naamlik: di. AP Burger van Middelburg en AJ Louw van Heidelberg. Ouer leraars het tuis na die vroue en kinders omgesien.

Die effek van die oorlog op die volk was duidelik. Op die Kaapse Sinode van 1903 sê ds. Bosman: *Onze kerk is onder, maar niet heeltemal dood! En wanneer ik spreek van de kerk verbindt ik daaraan, ons volk*, (Scholtz 1956:118). Lidmate het na die oorlog groot moeite gedoen om weer kerklik betrokke te raak. Die leraar van Carolina skrywe dat die ossewaens en tente van voor die oorlog oor ŉ nagmaalnaweek vervang is deur ŉ mengelmoes perdekarretjies. Baie mense het te voet by die kerk aangekom, omdat hulle geen vervoer gehad het nie (Scholtz 1956:119; vergelyk ook www.phillipolis.org www.oulitnet.co.za www.vryeafrikaan.co.za en www.upe.up.ac.za)

Gedurende die Vryheidstryd is ŉ baie sterk band tussen die kerk en die vegkommando's gevestig. Hierdie verbintenis was onlosmaaklik aan Afrikanerskap en spesifieke godsdienstige waardes verbonde.

**1.4.1.4 Die Opkoms van Afrikaner-nasionalisme**

Vanuit die geskiedenis is dit duidelik dat Afrikaner-Nasionalisme laat in die ontstaan van die Afrikaanse volk tot stand gekom het. Hendrik Biebault, ŉ gure karakter, het reeds in 1707 in sy opstand teen die owerheid uitgeroep met: *Ik ben een Afrikaander*. Die Patriot-beweging van 1779 reflekteer sterk ŉ Afrikanervolksbewussyn. Na die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806, het die bewussyn van volk wees sterker onder die Hollands-Afrikaanse koloniste begin groei. Dit is aangevuur deur die Groot Trek van 1838, die stigting van die twee Boererepublieke van die Transvaal (1852) en die Oranje-Vrystaat (1854), en die Afrikaanse Taalbeweging in 1870 (De Klerk 2000:60). Die Anglo-Boereoorlog het die volksbewussyn gevestig wat na 1948 tot die leierskap van die Nasionale Party (grotendeels ŉ Afrikaner-party) gelei het.

Vervleg met hierdie historiese feite is die nasionalisme wat Afrikaners ŉ tyd lank in hulle volksbestaan sterk aksentueer het. Vóór 1994 het die 'uitverkorenheidswaan' van die Afrikaner so 'n sterk neerslag gevind dat daar vandag steeds 'Boere', 'n 'Boerevolk' en talle ander 'Boerebevrydingsbewegings' is, wat almal en mekaar venynig aanvat oor die eksklusiwiteit van die 'Boere-Afrikaner', of nou ook die 'Afrikaanses'. 'n Naakte chauvinisme poneer die volk as die hoogste waarde met ekstreme nasionalisme wat in grenslose naïwiteit stol. Die 'Boeremag' glo dat hulle 50 miljoen swartmense uit Suid-Afrika die see kan injaag. Die Afrikaner Alliansie verkondig dat as die volk net weer die geloftedagvieringe sou hou soos wat die gelofte van Sarel Cilliers in 1838 vra, sal God die volk seën en die ideologieë van die Afrikaner restoureer; hom weer die pilaar van Afrika maak. Dit is hierdie eensydige en oordrewe beheptheid met volkskap by die Afrikaner wat bykomende bagasie op die blanke se skouer plaas in die oorgangstyd waarin die land tans verkeer.

In die geskiedenis het die Afrikaner homself as Christelik-eksklusief gesien. (Oor die gemengde bloed in die are van vele vooraanstaande Afikanerfamilies is vir baie jare liefs geswyg.) Hierdie eksklusiwiteit is versterk deur die daarstelling van Volkskas

Bank, Sanlam, Christelike Nasionale Hoër Onderwys en Apartheid, met behulp van die Afrikaner Broederbond: die Afrikaner het hom verhef bo die mense van Afrika. Daar het 'n meerderwaardigheidshouding ontwikkel; 'n vorm van volksfundamentalisme *wat nasionale identiteit en bewussyn vermeng het met 'n spesifieke godsdienstige oortuiging* (De Klerk 2000:19). Hierdie houding is diep gewortel in die vernedering van die armblanketydperk en die 'donkie hoed' van die plattelandse skooltjies met Engels as enigste onderrigtaal na die Vryheidsoorloë.

Die NG Kerk het deel gehad aan die kultureel-godsdienstige ontwaking van die Afrikaner. Die Afrikanerbeeld is geïdealiseer en omdat die predikante van die kerk 'n groot rol gespeel het in die opkoms van Afrikaner Nasionalisme, het dit ongelukkig die karaktertrekke van 'n 'godsdiens' verkry. Hiermee is die sogenaamde. 'Goddelike roeping' van die Afrikaner om die suidpunt van Afrika te evangeliseer weer uit die wakis gehaal, afgestof en geromantiseer. Vergete was die gebrek aan integriteit en lojaliteit tydens die oorloë: Boerekrygers het dikwels gedros van hulle kommando's net omdat hulle gehoor het dat die omstandighede onder 'n ander kommandant of veggeneraal beter was. Die oorlog is verloor, ten spyte van die verskroeide-aarde beleid, hoofsaaklik omdat daar soveel verdeeldheid tussen die Boereleiers was.

Verdeeldheid en stryd is van meet af kenmerkend in Afrikanergeledere: eers tussen die Vryburgers en die Hollandse amptenary; toe tussen die Maritz'e, Potgieters en die Trichards tydens die Groot Trek; die Noord-Suid twiste tussen Kaapse Afrikaners; onenigheid tussen die ondersteuners van Hertzog en die van Malan, die smelters en die gesuiwerdes, Nat en Sap. Meer onlangs, tussen die Nuwe Nasionale Party, die Herstigte Nasionale Party en die Vryheidsfront Plus. Vandag tussen die Roodt's en die Koos Kombuise. Waarom? Lê dit op die vlak van ŉ oerstrydlustigheid omdat die Afrikaner dalk nie regtig ŉ gekultiveerde groepering is soos hulle voorsate in Europa nie?

Eenheid tussen Afrikaners blyk ŉ droom te wees. In die post-moderne kultuur het elkeen nou boonop ook sy/haar eie waarheid en is die individu se belange belangriker as dié van die groep. *Emosie verdring logika; chaos bied 'n draagliker lewensruimte as orde; die warsheid teen georganiseerdheid, veldtogte en mobilisering. So 'n eenheidsbeweging gaan net generaals hê en nie manskappe nie, want die jonger Afrikaners is klaar in die proses om hulle Afrikanerskap af te skud* (De Klerk 2000:86).

Die volkskerkkarakter van die jong Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk is saam met trekkende partye die binneland in. In sy aanbidding het die Afrikaner 'n godsdienstige kleed om hom gehang, kultureel en tradisioneel gekleur, wat later die volkskerk-angel geword het. Godsdiens, by name lidmaatskap in die NG Kerk, het spesifieke voorregte ingehou: 'n onderwyspos, beurs vir die universiteit, en dikwels is bevordering makliker bekom deur lidmate van die NG Kerk met ŉ goeie getuigskrif van die dominee, of as Pa ouderling of diaken was. Ander godsdienstige groeperinge is as 'sektes' bestempel. Die 'spoorwegmense' en Minister Ben Schoeman het aan die Apostoliese Geloofsending, wat 'oor doop' of die 'wederdopers' genoem, behoort. Vir baie jare het die AGS geen aansien in die Afrikaanse samelewing gehad nie.

Hieroor skryf De Klerk (2000:14): *Die Afrikaner is Christelik, maar meer spesifiek 'n*

*Calvinistiese Christen is die toets vir die keuring van wie deel is van die binnekring van Afrikaners. So is daar vir lank die norm gehandhaaf dat Afrikaners van die Pinksterkerke geweer moes word uit die Broederbond, ander Afrikaner- organisasies, die onderwys en godsdienstige uitsendings van die SAUK.* Jannie Pelser vra op 5 Maart 2006 tydens ŉ gemeentebyeenkoms verskoning aan die AGS President, Izak Burger, oor die 'onreg' wat die NG Kerk die AGS aangedoen het deur hulle tot laat in die sewentigerjare as ŉ 'sekte' te tipeer. Burger aanvaar die apologie met groot dank, maar vergeet in die proses gerieflikheidshalwe hoe die AGS tot 'ernstige voorbidding' vir die NG Kerk en sy dwalende predikante opgeroep is. Die verskoning is nie deur die NG Kerk leierskap aangebied nie, maar deur die dominee van ŉ spesifieke gemeente. Dit is juis kenmerkend van die *communitas*-fase in die kerk: individue maak uitsprake, omdat leiers huiwerig is om in die publiek kommentaar te lewer oor aktuele sake.

ŉ Interessante vraag is tot hoe ŉ mate die Broederbond (Afrikanerbond) van 1960 tot 1990 die simbiose tussen kerk en staat bevorder het en die kerk deel gemaak het van die strewe na Afrikaner Nasionalisme, veral ten opsigte van samewerking in die handhawing en uitbouing van Afrikaanse kultuur-aangeleenthede. Leierskap is soms gedeel en kerklike leierskap is hierdeur beïnvloed: tientalle leraars van die NG Kerk was immers lede van die Broederbond.

**1.4.1.5 Vroeë leierskap in die NG Kerk**

Die geskiedenis van die NG Kerk het die volgende sterk en geëerde leiers opgelewer:

- Dr. Abraham Faure, (stigter van De Gereformeerde Kerkbode en die Kweekskool)
- Sarel Cilliers, 'vader' van die Gelofte
- 'Vader' Kestell (kulturele en ekonomiese ikoon)
- President MT Steyn (staatsman, krygsman en Godsman)
- Eerwaarde Japie Lutz (ingenieur)
- Abraham Kriel (vader van die kinderhuise)
- Dr. Andrew Murray, (Hofmeyr 2002:75)

Dr. Andrew Murray se bediening strek van 1849-1906 en oefen groot invloed op die NG Kerk uit. Hy was ŉ evangelies-gesinde predikant wat as onderwyser, sendeling, filosoof en skrywer uitgemunt het. (Hy het meer as 200 publikasies die lig laat sien.) As kerkleier het hy baie sterk klem gelê op die eise van die Woord. Die standbeeld van hom voor die Grote Kerk in Kaapstad, met sy een hand op die Bybel en die ander hand vermanend in die lug, versinnebeeld sy lewensstyl en bediening. Die Skotse invloed op die teologie van die NG Kerk was ingrypend en het via Murray gekom. Bidure, Pinksterdienste en evangelisasie veldtogte was deel van sy bediening. In die huidige worsteling in die NG Kerk rondom vernuwingstendense, charismatisering en die nadenke oor die kerk se identiteit, sal die Skots-evangeliese invloede nie buite rekening gelaat kan word nie (Hofmeyr 2002:79).

Van 1860 tot 1862 het ŉ golf van vernuwing deur die NG Kerk gespoel. Die Pinkstergebeure van 1861 in die gemeente Paarl, was veral rigtinggewend in hierdie verband. In die dae na Hemelvaart het gebedsgroepe in die gemeente die aangesig van die Here gesoek met die gebed om herlewing in die gemeente. Tydens die

oggenddiens op 19 Mei 1861 het ds. GWA van der Lingen gepreek oor die belofte van die gawes van die Gees soos wat dit in Lukas 24:49 aangeteken is. Tydens die middagbyeenkoms van die gemeente, het hy ŉ visioen gesien wat hy as ŉ openbaring van God beleef het. Hierna besluit die gemeente om jaarliks die Pinkstergeleentheid te vier, wat uiteindelik deur die NG Kerk versprei het en groot seën tot gevolg gehad het. Hierdie herlewing was deel van ŉ evangeliese gees wat in 1860 uit Kanada, die VSA, Ierland, Wallis, Engeland en Skotland gekom het en gelei het tot die stigting van *Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond,* die latere *Evangeliese Alliansie* (Hofmeyr 2002:120). Die 'herlewing' het gepaard gegaan met skuldbelydenis, gebed, kreune, uitroepe en floutes. Dr. A Murray, destyds predikant van Worcester, het beswaar aangeteken teen sommige van hierdie *buitensporigheden*. Oor die algemeen het dit egter in die kerk byval gevind en het die Kaapse Sinode van 1862 na indringende gesprek tot die gevolgtrekking gekom dat die herlewing *een heerlijk werk des Heiligen Geestes, tot redding van Zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus* was (Hofmeyr 2002:120).

Die herlewings wat na 1874 gevolg het, het ŉ groot invloed op die evangeliese karakter van die kerk gehad. ŉ Aktiewe gebedslewe is beklemtoon en sowel gereelde gebedsgroepbyeenkomste (bidure) as die jaarlikse Pinksterbidure is gehou. Die gebeure het oor die algemeen heilsaam in die kerklike lewe ingewerk en geloofswaarhede van die Skrif is sterk beklemtoon.

Die herlewing het die sendingwerk van die NG Kerk geaktiveer. Die konferensie wat in 1860 in Worcester gehou is, het dr. W Robertson na die buiteland afgevaardig om sendelinge te gaan werf. Dit het tot die aanvang van sendingwerksaamhede buite die grense van die Kaapkolonie gelei (Hofmeyr 2002:121). Hierdie sendingbelangstelling het tot die stigting van die Vrouesendingbond en die Kindersendingkrans aanleiding gee.

Prediking in die NG Kerk is ook deur die herlewing beïnvloed deurdat klem op bekering, verlossing en heiligmaking gelê is. In 1876 het die Kaapse Sinode ŉ Kommissie vir Spesiale Evangelie Prediking benoem, wat groot invloed in die kerk uitgeoefen het (Hofmeyr 2002 :121). Die prediking en gemeentesang het hierna ŉ sterk evangeliese karakter getoon. Die herlewingsbeweging is nie sonder kritiek aanvaar nie. Daar was sterk stemme wat daarop gewys het dat die herlewingsgees te sterk klem op die gevoelslewe gelaat lê en daarom te veel aan die Metodisme herinner. Die kritiek het veral van predikante uit die meer liberale denkrigtings gekom. Baie van wat as Metodisme in die NG Kerk bestempel is, kan egter toegeskryf word aan die invloed van Calvinistiese piëtisme en die Nederlandse Réveil. Die NG Kerk het egter nooit die Armeniaanse uitgangspunte van die Metodisme aanvaar nie (Hofmeyr 2002:121).

Naas die Skots-Presbeteriaanse invloede het ook die Metodisme in die negentiende eeu ŉ belangrike rol in die NG Kerk gespeel en voortgebou op die gereformeerde piëtisme (Nederlandse Nadere Reformasie). Dit het uiteindelik tot ŉ baie spesifieke evangeliese stroom in die NG Kerk gelei. Kritici in die kerk het hierop reageer deur te sê dat dit ŉ negatiewe *vroomheidstroming* was.

Die ontstaan van die sogenaamde 'common sense realism' later, het ŉ aantal prominente teoloë en kerkleiers soos Johannes du Plessis, Ben Marais, Bennie Keet,

David Bosch, Beyers Naude en Willie Jonker opgelewer (Hofmeyr 2002:79).

Die spanning wat ontstaan het deur die uitsprake van professor J du Plessis oor teologiese vraagstukke aan die Teologiese Kweekskool van Stellenbosch, het die kerk in gesprek laat tree met, onder andere, die Gereformeerde Kerken van Nederland, die Vrye Universiteit in Amsterdam en Princeton in die VSA. Hierdie kontak het die NG Kerk gehelp om geloofsantwoorde binne sy konfessies te vind. Dit het egter nie daarin geslaag om die susterkerke nader na mekaar te laat beweeg nie. Du Plessis is op Stellenbosch met ŉ standbeeld (Pienk Piet) vereer. (Na vele omswerwinge oor tientalle jare het die standbeeld in Junie 2006 uiteindelik rus gevind op die terrein van die Teologiese Seminarium.) Du Plessis is vir dekades as ŉ dwaalleraar in die teologiese kringe van die NG Kerk bestempel, omdat hy indringende vrae oor die maagdelike geboorte, die opstanding en die erfsonde gestel het.

Die NG Kerk het aan die begin van die twintigste eeu deel gevorm van ŉ ekumeniese beweging in die wêreld wat die Internasionale Sendingraad, die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode ingesluit het. Bande met hierdie liggame het egter verswak namate die kritiek oor die Skriftuurlike regverdiging van Apartheid toegeneem het. Na 1994 is daar eers weer ŉ wisselwerking met ekumeniese liggame bewerkstellig (Hofmeyr 2002:15).

### 1.4.2 Die gebeure na 1994

Ná 1994 het ŉ aantal bepalende gebeurtenisse, sommige oor die korttermyn ander oor ŉ langer termyn, plaasgevind met ingrypende gevolge vir die blanke Afrikaner en die NG Kerk en leierskapstyl. Die *communitas*-fase het kragte ontketen wat onherroeplike veranderinge vir blanke Afrikaners en die kerk teweeggebring het.

Die volgende gebeure het ŉ ingrypende invloed op die kerk en die lewensmilieu van haar lidmate gehad:

- Die Kommissie vir Waarheid en Versoening
- Die afskaffing van apartheid as politieke stelsel
- Die afskaling van Afrikaans as amptelike taal
- Die invloed van die *communitas*-fase op die Afrikaner volk
- Geloftedag: ŉ gevalle bastion
- Veranderinge op die kerklike toneel

#### 1.4.2.1 Die Kommissie vir Waarheid en Versoening

ŉ Ingrypende gebeurtenis in Suid-Afrika was die instelling van die Kommissie vir Waarheid en Versoening op 15 April 1996 in Oos Londen. Daar is groot verwagting van hierdie Kommissie gekoester, omdat sy werksaamhede as ŉ katarsismoment vir die bevolking van die land moes dien. Soos die werk van die Kommissie gevorder het, was daar van tyd tot tyd aantygings van eensydigheid, onvolledigheid en selfs heksejagtery oor die getuienis en bewerings wat aangebied is. Daar is egter vandag beleidsbepalers wat meen dat die Kommissie ŉ besliste rol in die vreedsame oorgang tot demokrasie in Suid-Afrika gespeel het en in sommige gevalle wel bygedra het tot versoening tussen die betrokkenes.

Dit is belangrik om te onthou dat die Kommissie gebore is uit ŉ kompromis om die onderhandelingstafel: Om ter wille van slagoffers nie te vergeet wat gebeur het nie, maar om te wille van versoening, oortreders (hoofsaaklik van die destydse veiligheidsmagte) nie voor die voet te vervolg nie. Die ooreenkoms was dat sodanige oortreders amnestie sou kry op voorwaarde dat hulle na vore kom met die volle waarheid oor hulle betrokkenheid. Hulle moes verder die Kommissie oortuig dat hulle oortredinge polities gemotiveer was en proporsioneel tot die militêre taak wat hulle opgeroep is om te verrig. Die Kommissie het egter nie die juridiese magte van ŉ hof gehad nie, met die gevolg dat kruisverhoor en toetsing van getuienis nie binne die 'verhore' plaasgevind het nie. Dit het veroorsaak dat baie persone geweier het om voor die Kommissie getuienis te lewer.

Die 'huilstories' het, ten spyte van emosionele toneelspel by geleentheid, ŉ *blywende merk op die nasionale psige gelaat*, (**Rapport** 19 April 2006). Die regering se trae reaksie hierop en sy onvoldoende vergoeding aan slagoffers van die 'struggle' - ŉ skamele R30,000 - het protes uitgelok onder die 'verontregtes'. Die teleurstelling hieroor is een van die redes wat aangevoer word as motivering vir die huidige hofsaak in New York waar slagoffers ŉ reeks internasionale maatskappye dagvaar vir hulle rol ter versterking van die apartheidsregering.

'n Saak wat van tyd tot tyd voor die Waarheids-en-versoeningskommissie opgeduik het, was die kwessie van *Afrikanerskuld* aan die apartheidsideologie van die vorige bedeling. Dit is 'n saak wat baie emosie binne Afrikanergeledere gewek het. Baie Afrikaners sê hulle is moeg vir skuldbelydenisse, soos byvoorbeeld Willie Jonker se Rustenburgbelydenis, die belydenis van die Algemene Sinode van die NG Kerk, Kerk en Samelewing en ander verklarings. De Klerk se reaksie hierop is dat ons diep in die 'skuldspieël' moet kyk. By hom bestaan 'n kommer dat die Afrikaner nie in 'skuld' glo nie. *Daar is algemeen verwys na die Lieg en Bieg Kommissie. Die ander kant van die saak is dat sekere Afrikanerleiers, instansies en koerante die Waarheid- en Versoeningskommissie misbruik het om Afrikaners te mobiliseer teen die ANC bewind* (De Klerk 2000:28-29).

Die feit dat talle individue, oud-politici en Afrikaner-instansies soos kerke en kultuurorganisasies nie die geleentheid gebruik het om aan die gesprekke by die WVK deel te neem nie, al was dit slegs om perspektief te verleen aan sommige verdraaide waarhede wat aan die Kommissie voorgehou is, het daartoe gelei dat die Afrikaner beskuldig is van traagheid tot versoening en aanvaarding van die nuwe bedeling in die land. Daar is talle redes aangevoer waarom mense nie voor die Kommissie wou getuig nie. Onder andere is gesê dat apartheid goeie bedoelinge gehad het, omdat dit 'n ordelike naasbestaan tussen die verskillende volke in Suid-Afrika probeer bewerkstellig het. Daar is ook gewys op die ontwikkeling en vooruitgang in die land ten opsigte van gesondheidsdienste, paaie, hoër onderwys, buitelandse uitvoere, ensovoorts. Die stelsel van apartheid het nie in die eerste instansie beplan om mense te ontneem, verarm en te onderdruk nie. Piet Meiring, verbonde aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, is aangewys om betrokke te wees met aspekte wat uit die vergoedingseise voortgespruit het. Hy het die NG Kerk egter nie amptelik verteenwoordig nie. Hy huldig die standpunt in die boek **South Africa: building the rainbow nation,** dat die *waarheid* die eerste stap tot reparasie en rehabilitasie vir die Suid-Afrikaanse samelewing is. (Vergelyk www.daj.gov.za )

Nie almal het hulle aandadig gevoel aan die negatiewe implikasies van die stelsel van apartheid nie. Baie blankes was van mening dat hulle swartmense 'goed' behandel het. Plaasarbeiders is aan die einde van elke maand met 'n paar sakke meel betaal en hulle kon 'n paar stuks kleinvee aanhou op die landjie wat goedgunstiglik deur die boer aan hulle afgestaan is. Die vroue van swart plaasarbeiders die 'reg' gehad om ses maande van die jaar 'uit' te werk, d.w.s. nie verniet in die kombuis van die plaasopstal nie. Baie Afrikaners het aangevoer dat hulle nie geweet het van die vergrype nie en dat dit buitendien deur individue gepleeg is. 'n Ander verduideliking was dat die Afrikaner na 1994 'n proses van ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en dan aanvaarding deurmaak (soortgelyk aan die reaksie op ŉ sterfte volgens die navorsing van Elisabeth Kubler-Ross). De Klerk (2000:30) is egter van mening dat *arrogante en ongevoelige selfhandhawing, met rasse ondertone die rede vir hierdie botheid is*.

Die getuienis wat voor die Kommissie gedien het, het die NG Kerk wel laat nadink oor apartheid en die feit dat die nood van swart en bruin medeburgers in die breë nie raakgesien is nie. Die kerk het later haar skuld hieroor bely. By geleentheid het dr. Desmond Tutu aan die NG Kerk gesê dat dit moeilik is om te bely en vergiffenis te vra: *Ek het groot waardering vir wat u sê. Dis moeilik om te bely en om vergiffenis te vra. Maar dis omdat God sy genade op ons uitstort dat ons dit kan doen… U kerk het ŉ geweldige belangrike rol in die geskiedenis van ons land te speel… My gebed is dat die Here die NG Kerk op ŉ wonderlike manier gaan gebruik. Ek sê altyd as ŉ Afrikaner eers die lig gesien het, draai hy nie halfpad om nie. Ons het die afgelope jare gesien hoe die eens verstote kerk teruggekom het, sy skuld bely het, hoe hulle eie profete wat hulle jare lank in die koue laat staan het, terug verwelkom het: Ek het lus om vir die duiwel te sê: Pasop hier kom die NG Kerk!* (Hofmeyr 2002:231).

Ingeligtes het waargeneem dat senior offisiere van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisiediens wat voor die Kommissie getuig het, deurgaans lede of gewese lede van die Afrikanerbond (Broederbond) was. Polisie Kommissarisse wat voor die Kommissie getuienis afgelê het, was Generaals Johan Coetzee en Johan van der Merwe. Albei was tydens hulle dienstermyne lede van die Afrikanerbond. Generaal Hennie de Wit het *nie* voor die Kommissie getuig nie, alhoewel hy sy dienstermyn as Kommissaris tussen vermelde twee Generaals verrig het. Ander Bevelvoerders wie se name gereeld in die ondersoeke opgeduik het, was Generaal-maj Johan le Roux, Krappies Engelbrecht en Bertus Steyn. Al drie was ten tye van hulle generaalskap lede van die Afrikanerbond. Hulle sal waarskynlik later vervolg word.

Dit is 'n bekende feit dat van die senior lede op die WVK lede van die Vrymesselaar-beweging is. Lede van die Vrymesselaar-beweging is oënskynlik grootliks 'verskoon' van verskyning. Hier word veral gedink aan senior offisiere van teeninsurgensie-eenhede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat opleiding op Verdrag, Maleoskop en by die Taakmag aangebied het en in bevel was van baie optredes in swart woonbuurte en op die grense van die RSA. Dr Alex Boraine het die integriteit van die WVK groot skade aangedoen toe hy tydens ŉ SABC 2 nuusberig op 8 November 2006 sy tevredenheid uitgespreek het met die dood van PW Botha, oud-Staatspresident van die RSA, wat geweier het om voor die Kommissie te verskyn.

Vir die NG Kerk is daar onopgeloste vrae oor sekere gebeure wat voor die betrokke Kommissie onthul is. Lidmate wonder of die kerk se kapelaansdienste onbewus was van sommige van die gruwelgebeure waaroor daar getuienis gelewer is. Was niemand in die Polisie se Kapelaansdiens byvoorbeeld bewus van die gebeure wat op Vlakplaas afgespeel het nie? Het die Hoofkapelaan van die Polisie kennis gehad van die bedrywighede daar, of het Bevelvoerders van die Veiligheidstak ŉ kleed oor die bedrywighede getrek? Was die straf van 212 jaar wat uiteindelik aan (Kolonel) Eugene de Kock opgelê is oor wandade op Vlakplaas kommunaal van aard?

Die kapelanediens van die Suid-Afrikaanse Polisie het nie geleentheid gehad om die rol wat die kapelanediens gespeel het, veral in die tagtigerjare, voor die WVK te beskryf of te verduidelik nie. Dit is vreemd in die lig daarvan dat die kapelanediens gedurig aan die kerk (Algemene Sinode) hulle bestaansreg moes motiveer.

**1.4.2.2 Die afskaffing van Apartheid as politieke bedeling**

Met die instelling van die nuwe regeringstelsel in 1994 was die skrif vir apartheid aan die muur. Die ANC regering het baie vinnig ontslae geraak van die oorblywende diskriminerende en bevoordelende wette wat nog nie in die laaste bewindsmaande van die Nasionale Party onder President FW de Klerk geskrap is nie.

Dit is nie die volle waarheid om te beweer dat die Afrikaner vir die uitdink van die apartheidsideologie verantwoordelik was nie. Die Engelse kolonialiste het die fondamente van die stelsel hier gelê net soos in die res van Afrika, Indië, Australië en Amerika. Plaaslike inwoners is eenkant gestel en op talle van hierdie plekke heeltemal uitgemoor. Hierdie koloniale gees het as ŉ ideologie in apartheid beslag gekry (De Klerk 2000:37).

Die getuienis oor die gevolge van apartheid soos by die Waarheid-en-versoeningskommissie verhaal, het baie wit Suid-Afrikaners diep geraak. Daar was verhale wat duidelik aangedik is, maar die teendeel was ook waar. Die vertrekpunt van apartheid was dat verskillende swart etniese groepe in onafhanklike tuislande moes ontwikkel. Groot saamgevoegde grondgebied is aan dié onafhanklike gebiede toegestaan, met ondersteuning deur die regering ten einde snelle ekonomiese groei en industrialisering te bewerkstellig. Die gedagte was dat hierdie gebiede sou groei tot ŉ statebond in Suider-Afrika. Daar is geglo dat kolonialisme tot ŉ maatskaplike sisteem verfyn kon word (De Klerk 2000:36).

Politieke leiers het tussen 1948 en 1990 nie-blankes in ŉ netwerk van apartheidswette toegespin. Wette wat gemengde huwelike verbied het, die Ontugwet, Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiede Wet, die Wet op Bantoe-onderwys, die Wet op die Hervestiging van Naturelle, die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, die Wet op Instromingsbeheer, die Pasboekwet en baie ander het apartheid uiteindelik op swart mense af forseer. Kultuur- en godsdienstige leiers het hierdie wette verdedig en Afrikaner-chauvinisme by elke geleentheid daarmee gevoed.

In die NG Kerk is talle preke oor Genesis 10 en 11; Handelinge 2 en 17, Openbaring 5, 7 en 9 gehou om die stelsel te regverdig en kerklik legitiem te probeer maak. Individuele predikante wat nie dié eksegese aanvaar het nie, het gou ŉ etiket om die nek gekry. Onder hulle was bekende name soos David Bosch en Willem Nicol. Deel

van die Kapelanedienste (Weermag én Polisiediens) se grensbesoekopdragte, was dat troepe en polisielede bemoedig moes word om te glo dat die grensoorlog en oorgrensoperasies noodsaaklik was, 'n doel dien (*veg eerder hier as in Pretoria*) en dat dit Calvinisties regverdig was om daar oorlog te voer. (*verdediging van Christelike beginsels deur 'n Christenland wat die roeping gehad het om die Kommunisme te bestry.*)

Die veranderde situasie in die land het die NG Kerk gedwing om nuut hieroor te dink. Dit het gelei tot die verandering van standpunte (Bybel en teksuitleg?) oor 'n aantal ingrypende sake. Oor apartheid was die standpunt van die kerk onder die vorige bedeling duidelik: dit is gesien as Skriftuurlik geregverdig in die lig van die diversiteit van volkere en kulture (God se wil vir die Afrikaner). Al die strukture, organisasies en kultuurliggame was dit met die kerk eens hieroor en het die regering ondersteun in sake wat afsonderlike ontwikkeling bevorder het. Vanuit eksegetiese materiaal het die kerkleiers daarop gewys dat die kerk verantwoordelik is om volgens Genesis 11:1-9, kerke vir al die volke op te rig, al het baie van hulle mekaar se taal verstaan en sou hulle saam kon aanbid. Daar is gesê dat Handelinge 2 daarop dui dat elke volk die Woord in hul eie taal gehoor het en daar dus voorsiening gemaak moet word vir eie aanbidding van God.

Bondi (1989:127) skryf dat die NG Kerk-teologie nooit daaraan gedink het dat die klem by die bou van die toring van Babel geplaas moet word op die sondige begeerte om tot in die hemel te reik en nie op die verskeidenheid van volke en tale wat daarna ontstaan het nie. Dit kan as God se wil interpreteer word dat hierdie 'skeiding' tussen mense op alle vlakke gehandhaaf moet word nie. Hy sê voorts: *apartheid is a structured destruction of the unity of the Body of Christ, a policy against instead of for the love of God and neighbor* (1989:133). Douglas Bax brei uit hierop in die verslag wat hy opstel met die tema *Human Relations and the South African Scene in the Light of Scripture,* wat in 1976 publiseer is. Apartheid is beskou as 'n godgegewe ordeningsmaatreël wat nie alleen politieke stabiliteit vir die blankes in Suid-Afrika verseker het nie, maar ook die blanke in die werk-en woonplek beskerm het. Burger (1995:15) spreek die mening uit dat veral jonger lidmate ontgogel is met die kerk se gewese Bybelse standpunt oor apartheid en dat afhangende van die verduidelikings wat daarvoor aangebied word, van hulle stil-stil uit die kerk kan verdwyn. *Vir baie wit Afrikaners was die veelbewoë gebeure rondom die NG Kerk se langsame inkeer wat betref sy vroeëre apartheidsteologie (of die Bybelse regverdiging van apartheid) 'n traumatiese ervaring* (Van Niekerk 2005:50).

De Klerk (2000:18) verwys na die feit dat apartheid in die verre verlede, onder die Engelse bewind aan die Kaap, as 'n tipe lewenswyse gehandhaaf is. Hy meld dat beskawings- en kultuurgebruike van die onderskeie rassegroepe gelei het tot drastiese verskille - vóór, tydens en ná die Groot Trek. Hy is van mening dat dit beslis nie net rassevooroordeel was wat tussen groepe gestaan het nie, maar ook kulturele gebruike wat nie vir mekaar aanneemlik was nie. *Dit was 'n opstel téénoor mekaar en nie 'n saamleef mét mekaar nie.* Die inwoners van die Kaap, Afrikaans en Engels, het kerklik gesproke hul kanse verspeel. Die diepgewortelde verskille en wantroue is deur die Trekkers saamgedra die *heiden-binneland* in. Godsdiens in die laer is vir almal gehou, maar die bediendes het 'n ander 'sitplek' as die huismense gehad — op die grond, soos wat hulle in hul kultuur gewoond was – eenkant, of in 'n hoekie van die eetvertrek in die opstal waar huisgodsdiens om die tafel gehou is.

Omdat daar min predikante was wat die uitgestrekte en verafgeleë gebiede besoek het, was huisgodsdiens deel van die godsdiensbeoefening tydens die Trek. Vergelyk in hierdie verband die artikel van Heitink (1982) en die proefskrif van Theron (1983) oor die agtergrond en ontwikkeling van huisbesoek. Aparte groepbesoek het deel van die leraarsbesoek aan die trek of die buitepos geword. Sendelinge moes later jare die werk onder hierdie *anderstaliges* waarneem. Die sending ywer van die NG Kerk was min onder verdenking, behalwe vir die feit dat dit die apartheidsideologie, die teologiese ekskursie van aparte kerke vir aparte rassegroepe moes versag. Dit was soos die kapelanediens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens vóór 1994 - *'n pers mascot op die neus van die statige motor van die Minister van Wet en Orde.* Beide instellings (sending en die kapelanediens) het die kerk se 'godsdienstige meelewing' na buite vertoon, ongeag die toegewydheid van die leraars of die sukses daarvan.

In sy kritiek op die NG Kerk se Skrifuitleg oor die verskeidenheid van volkere, wys Bax (1976:128) daarop dat die gebeure op Pinksterdag 'n herstellende gebeure is in die *nuwe samesyn* van volkere op 'n geestelike vlak: *the Spirit unites us into the one people of God, the one body of Christ.* Die volkere verdeling wat na die gebeure by Babel gegeld het, word na die talewonder van die Heilige Gees op Pinksterdag herstel. 'n Nuwe proses van herstel kom in wording waarin die oorblyfsel van Israel (die geestelike volk van God in Christus) één is. Apartheid kon dus nie meer op die Genesisverhaal, of op enige Nuwe Testamentiese gegewe gebaseer word nie. Die NG Kerk het dit egter destyds nie so ingesien nie en almal wat apartheid op teologiese gronde veroordeel het, beskuldig van *betrayal of Christian tradition, and more specifically, of the Reformed or Calvinist tradition* (Bondi 1989:129).

'n Belangrike figuur wat deel gehad het aan die stryd om die NG Kerk te oortuig daarvan herstel dat apartheid 'n rassistiese stelsel was, was dr. Alan Boesak. In verskeie publikasies van hom (onder andere, **Farewell to Innocence**, **The Finger of God**, **Walking on Thorns**, **Black and Reformed**, **If this is Treason**, **I am Guilty** en **Comfort and Protest**) betoog hy dat die NG Kerk gereformeerde beginsels agter gelaat het vir die regverdiging van Apartheid. Hy wys 'n paar belangrike dinge in hierdie publikasies uit:

- Die eng en verwronge eksegese van die Skrif wat vir die regverdiging van Apartheid as stelsel aangebied is, was 'n versaking van reformatoriese tradisie en beginsels wat die eksegese van die Skrif nie aan die mens diensbaar gestel het nie, maar die mens aan Skrifwaarheid.
- Boesak het ook gesê dat die heerskappy van Jesus Christus in hierdie proses ondergeskik gestel is aan beleidsrigtings van die staat, en dat die NG Kerk, na wie daar soms verwys is as die *Nasionale Party in gebed*, hieraan deel gehad het. Die waarheid dat Christus almal, ook volke, vrymaak om Hom te dien staan in kontras hiermee.
- Die NG Kerk het die leer oor die sondeval en die gebrokenheid van die mensdom gebruik om volkere verdeling te regverdig. Die helende en versoenende aksie in die genade van die kruis, wat Koninkryk-bouend is, is in hierdie proses nie primêr geag nie (Boesak 1987:90).
- *Boesak goes on to denounce apartheid as a racist ideology that amounts to institutionalized sinfulness. This is because such racism is not merely attitudinal, but structural. It is a system of domination, imposed from without,*

*that denies the truth that all human beings are made in the image of the God and Father of Jesus Christ* (Bondi 1989:132). Hier moet **'**beeld' nie letterlik as fisieke ooreenstemming verstaan word nie: die mens dra die beeld van die mededeelbare eienskappe wat God gee, byvoorbeeld, liefde, barmhartigheid, goedheid, getrouheid, skeppingsvermoë, ensovoorts. Apartheid word sterk veroordeel omdat dit die menslikheid van ander rassegroepe ontken en so oneer aan die liggaam van Christus (in dié geval die NG Kerk) gebring het.

Shawchuck & Heuser (1993: 245) raak iets van hierdie apartstelling van mense aan wanneer hulle skryf dat Jesus die kulturele gebruik van sy tyd *breek* wanneer Hy, soos Johannes 4:5-26 dit beskrywe, met ŉ Samaritaanse vrou praat. Hy oortree op twee fronte – Hy praat met iemand uit ŉ ander kultuur wat boonop ŉ vrou met ŉ verdagte reputasie is. *Jesus embodied the unreserved presence of God with sinners and outsiders of the mainstream culture.* Hierdeur toon Hy dat Hy nie omgee oor wat die redes vir die kulturele skeidinge van sy tyd is nie, maar dat Hy belangstel in die heling van die mens (vrou) met wie Hy gesprek voer. Shawchuck & Heuser sê verder dat hierdie gebeurtenis die manier is waarop Jesus *the concrete socio-cultural particularities of our world* betree (1993:247). Hulle ontken nie kulturele verskeidenheid nie, maar sien dit as deel van die kerk se taak om mense te lei om hierdie grense oor te steek en te verstaan.

Vos (2001:35) sê dat leiers in die kerk tans nie alleen ŉ oorgang na ŉ *post-moderne* samelewing leidinggewend moet hanteer nie, maar ook die oorgang na ŉ *post-apartheid* samelewing in hulle kerkleierskap moet akkommodeer. In hulle leierskapstyl sal hulle met groot sensitiwiteit moet optree om mense wat lank verstrik was in ŉ *Bybels-gefundeerde* lering oor apartheid, as't ware met ŉ eksodus-ervaring, na die nuwe uit te lei. Die antwoorde oor die *haan-gebeure* in die kerklike teologie, sal moeilik verduidelik word aan post-moderne lidmate wat denkend wil meeleef in die NG Kerk van ons dag. Daar is te veel *Boetmanne* in die kerk, (ŉ Ontnugterde Chris Louw het die media gebruik om sy kritiek te lug oor die Namibiese bosoorlog wat deur die kerk en die politici ondersteun is - **Boetman is die bliksem in**). Vos verwys ook na die rigiditeit binne die kerkleierskap in die tyd waarna Louw verwys: *Dit was ŉ tyd van outoritêre leiersfigure wat in baie opsigte kerklike ewebeelde van Afrikaner politieke leiers was. In die onkritiese kerk en samelewing van daardie tyd, het hulle besliste leierskap ŉ onbetwiste rol gespeel. In die post-apartheid samelewing en kerk is daar egter ŉ ontnugtering met, en selfs woede oor die apartheidskerk en ideologie.* Vos tipeer die huidige tyd en omstandighede tyd dan aan as honger na *koersaanduiding en leierskap.*

Tydens die Rustenburg beraad op 3 November 1990, waar die meeste kerke in Suid-Afrika verteenwoordig was, het die NG Kerk ernstig begin besin oor apartheid na ŉ openbare belydenis deur Willie Jonker dat die stelsel in sy ontmensliking van sekere groepe sonde was. Aan die einde van sy toespraak het Jonker gesê: *Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek ŉ lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie* (Hofmeyr 2002:218).

(Dit is interessant om daarop te let dat die Nasionale Party regering op 2 Februarie 1990, ŉ paar maande vroeër, van apartheid afgesien het en so die pad vir onderhandeling met die ANC oopgemaak het.) Die lidmate van die kerk is ook om verskoning gevra dat hulle mislei is oor die 'Skriftuurlike' standpunt oor apartheid. (Vergelyk Nel 2003:115.) Aartsbiskop Desmond Tutu het die verklaring van Jonker aanvaar en dit onomwonde gestel dat hy nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie.

Presies soos na die Cottesloe-beraad van drie dekades vroeër, was daar heelwat woelinge oor die *eensydige optrede* van Willie Jonker. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk (wat oor spoedeisende sake besluit as die Algemene Sinode nie vergader nie) het kort daarna, op 4 Desember 1990, in Pretoria byeengekom en ŉ besluit geneem waarin Jonker oor die vingers getik is omdat hy hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep het ofskoon hy nie die hele agtergrond van die sinode se besluit vermeld het nie. ŉ Beskuldiging in dieselfde trant is tot die afvaardiging van die NG Kerk gerig.

ŉ Vraag wat aan die Kommissie (ASK) gevra sou kon word, was waarom ŉ vooraf geformuleerde verklaring nie met die oog op die beraad voorberei is nie. Die saak oor apartheid was op dié stadium só sensitief omdat dit slegs ŉ week vantevore op die Algemene Sinode bespreek is en daar tog sekerlik voorsien moes gewees het dat daar by die beraad reaksie daarop sou kom. Die dag na Jonker se belydenis het die afvaardiging van die NG Kerk by die beraad, (lede van hierdie afvaardiging was, onder ander: Pieter Potgieter, Pierre Rossouw en Dirk Hattingh), hulle met die verklaring van Jonker oor die posisie van die kerk vereenselwig.

Die NG Kerk het ŉ lang en moeisame pad van Cottesloe tot by Rustenburg geloop, maar dit sal in die geskiedenis *onthou word as merkwaardige oomblikke van belydenis, vergifnis en versoening* (Hofmeyr 2002:219). **Die Kerkbode** het in ŉ hoofartikel op 16 November 1990 die betekenis van die Rustenburg beraad as volg opgesom: *Vir die NG Kerk is die belydenis oor apartheid ŉ oomblik van bevryding. Skuldbelydenis is nooit maklik nie, nie teenoor God nie, nie teenoor jou man of vrou of kind nie, nie teenoor ŉ ander volk of ŉ ander kerk nie. Maar as dit eers in die Naam van Christus gedoen is, is daar altyd by God vir jou vergiffenis en gelukkig, dikwels ook by ander mense – selfs by ander kerke. Dit het verlede week by Rustenburg op ŉ aangrypende, onvergeetlike wyse gebeur.*

Terugskouend het die werklik waarneembare verskuiwing van denke binne die NG Kerk oor die kwessie van apartheid reeds by die Algemene Sinodesitting in 1986 begin. Daar was egter steeds ŉ versigtige huiwering om nie te radikaal te wees in kritiek wat op apartheid uitgespreek is nie. So het die Sinode byvoorbeeld besluit: *Die N G Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo ŉ ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie* (Handelinge Algemene Sinode ,1986). Verdere besluite, insluitend die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk, het gevolg. Die NG Kerk het vir die eerste keer ondubbelsinnig verklaar dat kerklidmaatskap voortaan oop sou wees vir alle rasse. Ten spyte van hierdie koerswending, kon die kerkleierskap na bykans twintig jaar steeds nie daarin slaag om kerkeenheid tussen die NG Kerk-familie te bewerkstellig nie.

Die NG Kerk het in 1994 tydens die Algemene Sinode besluit om *Kerk en Samelewing 1990* as die kerk se reaksie op 'n bepaalde historiese gebeure in Suid-Afrika te handhaaf. Daar is vir die eerste keer ook erkenning gegee aan lidmate wat 'n profetiese stem teen die stelsel van apartheid laat hoor het. Die Sinode het erken dat daar soms (soos dit so dikwels kerklik die geval is) met liefdeloosheid teen hulle opgetree is. Die Sinode het dié erkenning aan Ben Marais (14 Oktober) en aan Beyers Naude (20 Oktober) tydens die sitting meegedeel. Oud-president Nelson Mandela het die sinode op 13 Oktober in Afrikaans sy waardering vir die rol van die NG Kerk uitgespreek. In **Die Kerkbode** van 28 Oktober 1994 skryf die redakteur, Fritz Gaum, die volgende: *Die negende Algemene Sinode van die NG Kerk wat verlede week hier ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode wat in 1962 gehou is. Dit was die Sinode van versoening* (Hofmeyr 2002:223).

'n Saak wat vir lank nog by kerkleiers sal bly spook, is die vraag: *Het julle regtig ook nie geweet nie?* Hoe is dit dat gedwonge verskuiwings, diskriminasie, die verwydering van anderskleuriges uit kerkdienste deur *kerkleiers* (ouderlinge, diakens en predikante), die sak meel as betaling per maand vir vroue van swart plaasarbeiders wat vir tydperke van ses maande sonder betaling in kombuise op plase moes werk, grootskaalse armoede, Indiërs wat nie in die Vrystaat mog oornag nie, swartes wat agter in die bus moet sit, strande eksklusief vir gebruik van blankes, aparte ingange by banke, ensovoorts ongemerk by kerkleiers verby gegaan het? Die NG Kerk het te midde van hierdie dinge bestaan, floreer (kerklik 'gegroei') en die 'evangelie' bly verkondig deur in die sendingveld *sinkdakkies* op te rig en *sementvloere* te gooi. Die sendeling ('kafferpredikant') het sy plek in die blanke boeregemeenskap gehad (net nie in ploeg, planttyd, of oestyd nie). In die skuur kon hy die werksmense oorhaal om tevrede te wees met die L(l)ewe. Letterlik *opium vir die volk!*

Volgens De Klerk (2000:12) was die apartheidstelsel *growwe en gevoellose rassediskriminasie. Wrede Afrikanermag wat met fisieke geweld en die geweld van wette en strukture swart mense geknak het in hulle gesinne, hul werk, hul lone, hul onderwys, hul geletterdheid en hul grondbesit. Arrogante egoïsme en onderdrukking om alleen baas te wees. Verspillers van biljoene en biljoene om die onregverdige situasie te handhaaf. Só is die meerderheid mense van die land beroof.*

Sterk morele leierskap gaan nodig wees om die sondes van die verlede binne die kerk volledig af te skud. Kerklike geloofwaardigheid is hier ter sprake. Skrywers het deur die afgelope aantal jare na apartheid daarop gewys dat die nagevolge van die stelsel sleg is en was, maar dat daar mense is wat positief voel oor die veranderinge en deel wil wees van die nuwe bedeling. De Klerk (2000:12) skryf dat die Afrikaners oor die algemeen redelik *kroes* voel na die veranderinge, maar dat daar 'n skare is wat die nuwe bedeling graag wil aanvaar: *Hulle is sterk genaelstring. Hulle is gewillig om saam te werk. Hulle ruk die donkerbril af. Die nuwe trek wat hulle onderneem, is om die apartheidstradisie te verlaat en hulle te vestig in die nuwe demokrasie. Gereed om saad te word, suurdeeg te word, entrepreneurs te word van 'n nuwe samelewing van herskikking.* In hierdie bereidwilligheid wat duidelik uit die 'blyers' se korrespondensie met die 'glyers' in die media uitkom, bestaan daar 'n duidelike behoefte om nou, twaalf jaar na die afskaffing van Apartheid, erkenning te ontvang vir bevoegdhede en geleenthede gebied te word om as deel van die span in Suid-

Afrika aangewend te word. Vir baie 'blyers' het regstellende aksie nou ver genoeg gevorder: hulle voel dat hulle ŉ kans verdien in die korporatiewe wêreld, die staatsdiens en plaaslike regering. Hulle wil graag betrokke wees by die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika as ŉ ontwikkelende land.

Dit is nie dat die NG Kerk nie in die laat tagtigerjare begin insien het dat apartheid as regeringstelsel mense hulle menswaardigheid ontneem nie. Die politieke verbondenheid van die kerk op leiersvlak was egter so verstrengel met die regering dat ŉ breuk moeilik was. Sterk protes het vanuit die kerk opgegaan, maar was onderhewig aan politieke gedweënheid. Protes aksies is aan die Anglikaanse Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk oorgelaat.

### 1.4.2.3 Die Afrikaanse taal in ŉ *communitas*-fase

Die Afrikaanssprekende inwoners van Suid-Afrika het ná 1994 algaande agtergekom dat die nuwe politieke bestel in die land ook die taalregte (voorregte) wat vóór 1994 geheers het, verander. Omdat die Nasionale Party en daarna die Nuwe Nasionale Party bepaal het dat Afrikaans die amptelike taal van die regering was, het (wit) Afrikaanssprekendes met kommer kennis geneem van die veranderinge in die taalbeleid van die ANC-regering. *Daar is tans 'n doelbewuste aanslag op ons taal, skole en universiteite*, skryf de Klerk (2000:86): *Dit is nie vergesog dat ons binne een geslag feitlik kan verdwyn nie*. Dit het aanvanklik gelyk of die grootste taalverwante probleem in die oorgangsfase na 1994, die keuse van ŉ amptelike taal (of tale) gaan wees. Die rol van Afrikaans hierin is ŉ hoofmoment in die taaldebat.

Die afgelope aantal jare is groot debat gevoer oor die amptelike status van Afrikaans: dit is ŉ logiese uitvloeisel van die gebeure na 1994. Voor die regeringsverandering was Afrikaans immers die taal van die 'onderdrukkers'. Dit was die kommunikasiemedium wat op alle vlakke op mense 'afgedwing' is, veral mense oor die kleurgrens heen. Zoeloe kinders in KwaZulu Natal se noordelike dele, die huidige Maputuland, moes byvoorbeeld Afrikaans as tweede taal as skoolvak neem. Die skoolopstande van 1967 was landwyd juis teen hierdie verpligte taalreëling gemik. Wat op die oomblik oor Afrikaans as taal uitkristalliseer, is waarskynlik die laaste kinkels van daardie taal-kabel. Diegene wat invloed het oor die taalbeleid in die land is nie geneë daarmee dat Afrikaans, as die taal van die *minderheid,* steeds ŉ 'meerderheidsrol' in Suid-Afrika speel nie.

*Omdat die taaldebat tans baie aktueel is en daar slegs enkele bronne is wat die debat reflekteer, is dit nodig om kennis te neem van die volgende artikels en onderhoude wat oor die onderwerp in die media verskyn het:*

- Gert van der Westhuizen skryf op 9 April 2006 in die korrespondensiekolom van **Rapport** dat die situasie by die Universiteit van Johannesburg (die ou Rande Afrikaanse Universiteit) sodanig verander het dat Afrikaans nie meer as die primêre taal van die universiteit gehandhaaf kan word nie. Hy sê dat hierdie werklikheid ŉ pragmatiese reaksie noodsaak, gegewe die beleidskonteks wat demokratisering, oop toegang en mededeelsaamheid ter wille van noodsaaklike sosiale en politieke veranderinge in die land voorop stel. Hy skrywe dat die pragmatiek van Engels as werkstaal by die Universiteit van Johannesburg na die enigste uitweg lyk en ŉ nuwe

omgewing skep waar mense ter wille van onderwys en opvoeding moet kommunikeer. Uit die kommentaar blyk dit dat die skrywer van mening is dat die gebruik en groei van Afrikaans afhanklik is van die *gebruik* van Afrikaans op die kampus van 'n universiteit en nie noodwendig deur die taalbeleid wat daar gehandhaaf word nie. Dit beteken dat Afrikaanssprekendes moet aanvaar dat Afrikaans 'n minderheidstaal in die land geword het. Volgens hom reflekteer universiteite slegs hierdie werklikheid.

- Slagordes rondom Afrikaans as onderrigtaal is as't ware teenoor mekaar opgestel met die raadsverkiesing wat op 1 April 2006 op Stellenbosch plaasgevind het. Aan die een kant was die kandidate wat die dubbelmedium opsie (T-opsie) steun. (Ruda Landman, mnr Michiel le Roux,. Christo Wiese en Gerhard van Niekerk.) Aan die ander kant was dié wat moedertaalonderrig (die A-opsie) steun. (Hermann Giliomee, Lina Spies, Christo Viljoen en Jaco Maree.)

- Die A-opsie ondersteuners het Chris Brink, wat in 2002 Rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het, ondersteun toe hy met sy inhuldiging gepraat het van *sentraal staan in 'n Afrikaanse Renaissance* (**Rapport** 12 Maart 2006). Met ander woorde, Afrikaans sou die primêre onderrigtaal van Stellenbosch bly. Aan die einde van 2002 het die Universiteit van Stellenbosch 'n taalbeleid aanvaar wat ook deur die Konvokasie goedgekeur is. Die beleid het bepaal dat Afrikaans as enkelmedium die outomatiese of verstek-opsie vir voorgraadse kursusse sou wees. Ten einde anderstaliges tegemoet te kom, kon dosente egter 'n T-opsie gebruik waarin Afrikaans en Engels in een klas aangebied sou word. Dit het egter net vir die eerste jaar gegeld. (Vergelyk die taalbeleid van die Universiteit van Stellenbosch op www.sun.ac.za)

- Aan die begin van 2006 is die T-opsie verpligtend gemaak in drie fakulteite vir al die studiejare en het die 'outomatiese' opsie van Afrikaans as enkelmedium verdwyn. In al die fakulteite het Afrikaans as onderrigmedium tot onder 40% gedaal. Die res is hoofsaaklik dubbelmedium of Engels. Die nuwe reël in amptelike vergaderings is dat daar Engels gepraat word (of 'n tolkdiens verskaf word) indien daar nie-Afrikaanssprekendes in die klas teenwoordig is. Studente of dosente hoef nie meer Afrikaans magtig te wees/word om aan die universiteit te studeer of klas te gee nie. Universiteitstatistieke toon aan dat slegs 24 studente in Lettere en Wysbegeerte die Afrikaanse taalverwerwingskursusse bygewoon het uit 'n totaal van 235 wat in 'n band van hoë risiko geplaas is. Van die 75 dosente wat hulle die afgelope tien jaar by die Taaldienssentrum aangemeld het, het net een gevorder tot op die vlak waar hy in Afrikaans kan funksioneer, skryf. Giliomee (**Rapport** 12 Maart 2006). Volgens 'n artikel deur JP Landman (politieke en sosiaal-ekonomiese ontleder en toekomsanalis) in **Die Burger** van 12 Julie 2006, is sowat 40% van die studente wat vanjaar (2006), aan die Universiteit van Stellenbosch geregistreer het se eerste taal nie Afrikaans nie. Hy skryf dat taaltoekoms van die universiteit net tweetalig of Engels kan wees in die lig van studentegetalle en die taal wat op die kampus gebesig word.

- Voorstanders van T-opsie bepleit ʼn meer soepel beleid waarin voorsiening gemaak word dat die mees bekwame dosent deel het aan klasonderrig. Indien dit ʼn buitelander is wat nie Afrikaans kan praat nie, moet dit vir hom/haar moontlik wees om die lesing in Engels, wat ʼn wêreldtaal is, te gee.

- Diegene wat die T-opsie voorstaan vra die vraag of Afrikaans deur rigiede reëls afgedwing moet word en of dit met selfvertroue en op ʼn vriendelike manier uitgebou behoort te word. Russel Botma is as Rektor aan die stuur van die taal-taakgroep met die opdrag om die taalbeleid van die Universiteit te hersien. Hy is uitgesproke met sy standpunt dat daar eerder ʼn *kulturele mandaat* as ʼn *reg* tot Afrikaans op die kampus bestaan. Hy grond hierdie gedagte op die feit dat Stellenbosch in ʼn oorwegend Afrikaanse landelike konteks gevestig is. Dit is ook sy strewe om ʼn vriendelike Afrikaanse kultuur aan die Universiteit gevestig te kry. *Ons moet ʼn Afrikaanse beeld bou van ʼn mensvriendelike, taalvriendelike uitreikende Afrikaans, nie een wat jou wil hap nie* (**Rapport** 12 Maart 2006).

- Op Saterdag 1 April 2006 het ʼn oorweldigende meerderheid van die konvokasielede (75%) vir die A-opsie gestem. Na die verkiesing het die Giliomee-groep in ʼn verklaring gesê dat die stemming duidelik aantoon dat die oudstudente verkies dat Stellenbosch ʼn universiteit bly waar Afrikaans as primêre akademiese en wetenskapstaal behou en uitgebou word.

- In ʼn boek van Chris Brink wat pas verskyn het, **No lesser Place – The Taaldebat at Stellenbosch** (2006), huldig hy die mening dat die taalonmin op die kampus nie net gaan oor die Afrikaanse taal as sodanig nie. Hy sien die dreigende gedaante van Afrikaner-nasionalisme wat weer vorm aanneem, van neo-Afrikaners wat hergroepeer om mense weer rondom die taaldebat op te sweep ten bate van Afrikaner-eenheid, of ʼn volkstaat van die gemoed. Brink skryf dat die neo-Afrikaners polities ontmagtig en gemarginaliseer voel en hulle derhalwe rondom kwessies soos regstellende aksie en die verlies van sekere taalregte mobiliseer.

- Die afleiding wat die leser maak is dat die neo-Afrikaner nie in die eerste plek rondom die taal hergroepeer nie, maar wel om *identiteit*. Brink plaas die gebeure op die universiteitskampus in ʼn breër nasionale en selfs politiek-kulturele konteks. Daar is ʼn breë falanks van organisasies, instellings en strydvrae wat ingespan word om die Afrikaner as bedreigde minderheid binne ʼn liberale demokrasie te posisioneer. Hieronder tel die FAK, die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikanerbond en Solidariteit, wat deur Naspers ondersteun word. Volgens Brink is hierdie instansies bloot hergeboortes uit ou bestaande organisasies. Hy sê die ou Mynwerkersunie het hom in die vakbond, *Solidariteit,* vir minderheidsgroepe (Afrikaners) omskep. Die FAK staan sterk onder hulle ou taal-idee, die Voortrekkerbeweging herleef en die Afrikanerbond (nuwe baadjie van die Broederbond) beywer hulle sterk vir Afrikaans. Hiermee is niks op sigself verkeerd nie. Die probleem duik op wanneer dit Afrikaans ten koste van ander sake begin raak – ons leef immers in 2007, vyftien jaar na ʼn radikale

politieke omwenteling en magsversteuring in hierdie land. Hy sê dat neo-Afrikaners inwaarts geïmmigreer het na die volkstaat van die gees.

- Vir Brink is dit belangriker dat Stellenbosch 'n *nasionale bate* is, eerder as 'n volksuniversiteit wat net een deel van die gemeenskap bedien. Hy lê klem daarop dat 'n universiteit nie oor etnisiteit of taal gaan nie, maar wel oor kennis. 'n Multikulturele benadering eerder as 'n beskermende een, 'n sagte verbintenis tot Afrikaans eerder as 'n harde onverhandelbare eis van 'n skerpomlynde identiteit as Afrikaanse universiteit is dus die aangewese weg. Hiermee verwerp hy die idee dat Stellenbosch 'n Afrikaanse universiteit behoort te wees. Danie Goosen, voorsitter van die FAK sê hieroor: Brink wend geen poging aan om die geleide sosiale en politieke marginalisering van universitêre Afrikaans die afgelope dekade te begryp of hoegenaamd 'n onkrete institusionele antwoord daarop te gee nie. Dit bly by vae beloftes en goeie voornemens jeens Afrikaans. Hoe dit in instellings beliggaam moet word, bly vir die leser van sy werk 'n raaisel *(Perspektief,* **Rapport** 26 Maart 2006). Daar kan uit Brink se skrywe afgelei word dat hy dink dat die oorbeskerming van Afrikaans iets is wat uit vrees ontstaan, terwyl 'n veelkultuurbenadering weer op hoop gebou is.

- 'n Nuwe studentebeweging, die Adam Tasstudente Organisasie, is op 10 Februarie 2007 gestig om na die belange van die Afrikaanse taal op die kampus van Stellenbosch om te sien.

As daar na die voorgeskiedenis in die ontwikkeling van die Afrikaanse Taal gekyk word, was kerkleiers (predikante en ouderlinge) ten nouste betrokke daarby. Tans skitter die gevestigde Afrikaanse kerke in hulle afwesigheid in openbare debatvoering hieroor.

Daar is akademici wat verkondig dat internasionale prestasies en erkenning die beste deur Engels geskied. Hulle tas egter in die donker, aldus Wannie Carstens, Direkteur van die Skool vir Tale op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes Universiteit. Hy sê deur Engels aan die Afrikaanse student op te dwing, word taaldwang gepleeg. Wêreldklasgehalte navorsing en publikasie word op meriete beoordeel en nie deur die taal waarin dit geskryf word nie (**Rapport** 11 Junie 2006).

Bedreig in sy verlange na gewese *magsuitvoering* in Afrikaans, verkrummel die laaste samebindende faktor van 'n klein deeltjie van die samelewing aan die Suid-punt van Afrika - *die Afrikaanse taal*. Dit word egter nie deur die jonger geslag as ramp beleef nie. Hulle praat en sing s*ongs,* van *nice* en *great* dinge in die demokrasie, godsdiens en vryheid van spraak.

Niek Grové (Registrateur van die Universiteit van Pretoria) skryf in **Rapport** 18 Junie 2006, dat die toekoms van Afrikaans aan universiteite deur drie dinge bepaal gaan word:

- Die Staat
- Universiteitsrade en besture
- Die Afrikaanssprekendes wat op die kampus studeer.

Hy wys op 'n interessante stuk geskiedenis toe die Universiteit van Pretoria in 1908 as die Transvaalse Universiteitskollege sy beslag gekry het. Op hierdie stadium was die University of the Cape of Good Hope die eksaminerende instelling en Engels vir alle praktiese doeleindes die akademiese taal. In 1916 is 'n versoek deur die University of the Cape of Good Hope toegestaan dat daar vir toetse en eksamens pariteit moet wees tussen Hollands (Afrikaans) en Engels – 'n reël wat vandag nog bestaan.

In die vroeë jare van die bestaan van die Universiteit in Pretoria was daar ook 'n stryd tussen die pro-Engels en die pro-Afrikaanse faksies op die kampus. Die oplossing deur die universiteitsraad was pragmaties: lesings is in Engels gegee, maar in 'n paar departemente is dit ook in Afrikaans aangebied. Polarisasie het as gevolg hiervan plaasgevind met die gevolg dat daar in 1930 besluit is dat lesings in beide Afrikaans en Engels aangebied sou word. Die bedeling was van korte duur.

Net meer as sestig jaar later moes die Universiteit weer 'n sterk pragmatiese taalbeleid invoer. Omdat Engels tans as die voorkeur taal deur die studente aan die Universiteit aangedui word (dit word tot 'n groot mate deur die swart studente wat aan die Universiteit studeer, bepaal) word dit deur die meeste departemente gehandhaaf. Die ontwikkeling van die taalbeleid aan die Universiteit van Pretoria is dus baie nou aan die politiek van die dag verweef. Grové wys daarop dat die rade aan universiteite tot 'n groot mate geneig is om hul handeling te rig in *ooreenstemming met die beleidsrigtings van die regering van die dag. As die politieke ideologie van die dag byvoorbeeld pro-Engels sou wees, sal dit op die langtermyn deur die raads-en senaatsbesluite neerslag vind in die taalbeleide van ons universiteite.* (Vergelyk die taalbeleid van die Universiteit van Pretoria op regis/@ccnet.up.ac.za )

Hy wys daarop dat die getal Afrikaanssprekende studente oor die afgelope twaalf jaar drasties (20%) verminder het. In 1993 was daar 122188 wit Afrikaanssprekende studente aan universiteite, teenoor 98550 in 2004. Hy wys ook daarop dat die historiese Afrikaanse universiteite in die subsidie-toedelingsmodel finansieel gepenaliseer word, omdat daar volgens die regering in verhouding te min swart studente teenoor wit studente aan die universiteite is. *Die feit dat dit in sommige gevalle 'n bedryfsvereiste is dat dosente in Afrikaans moet kan onderrig, word blykbaar nie in ag geneem wanneer universiteite se transformasieprestasies beoordeel word nie. Die getal dosente wat in Afrikaans klasse kan aanbied, moet dus noodwendig afneem.* Dit is Grové se mening dat Afrikaans aan universiteite sal afneem omdat Engels die kommunikasie taal van die dag is.

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns wil sowel universiteitshoofde, onderwys- en taalkenners as Afrikaanse organisasies betrek by 'n beraad vroeg in September 2006 op Stellenbosch waar hulle volgens die uitvoerende hoof, Jacques van der Elst, sal besin oor die volhoubare plek van Afrikaans op universiteitskampusse. Die registrateur van die Universiteit van Pretoria, Niek Grové, het in 'n artikel wat in die *Vrye Afrikaan* gepubliseer is, gevra dat 'n daadwerklike plan opgestel word vir die gebruik vir Afrikaans wat ook deur die owerheid aanvaarbaar sal wees. Tydens die vergadering sal daar ook weer aandag gegee word aan die Gerwel-verslag oor Afrikaans waarin hy voorgestel het dat twee universiteite, Stellenbosch en Potchefstroom primêre verantwoordelikheid moet aanvaar vir die handhawing van Afrikaans as akademiese taal op hulle kampusse.

Oor die taaldebat kom daar ŉ sobere waarskuwing uit Potchefstroom deur Anette Combrink (Rektor van die Potchefstroomse kampus) en Marlene Verhoef (Direkteur: Taalsake) (**Rapport** 18 Junie 2006). Hulle skryf dat as die regering meen dat die saak oor die gebruik van Afrikaans só verpolitiseerd geraak het, dat hulle moet ingryp, dit ŉ kwade dag vir Afrikaans sal word. Hulle wys daarop dat die balans tussen taaldiversiteit en gelykberegtiging ŉ dilemma is wat met groot omsigtigheid bestuur moet word. (Vergelyk www.puk.ac.za vir die taalbeleid van die Universiteit van Potchefstroom.)

ŉ Interessante waarneming in die nuwe 'taalstryd' is die karperde wat langs en teenoor mekaar trek in die 'nuwe stryd' ter bevordering van Afrikaans. Wie sou ooit kon droom dat Giliomee, Tim du Plessis, en selfs Frederik Van Zyl Slabbert, sou saamstem oor laasgenoemde se stelling in **Rapport,** 26 Maart 2006: *Ek stel nie daarin belang om die Afrikaner te red nie. Maar ek wil hê dat Afrikaans as medium van onderrig behoue bly. Die T-opsie lewer geen bydrae hiertoe nie* .

Die vraag oor die debat oor die amptelike gebruik van Afrikaans is of die kerk weer ŉ rol in die nuwe 'taalstryd' gaan verkry? Het die kerkleierskap ŉ verantwoordelikheid teenoor die Afrikaanse taal in ŉ totaal veranderde samelewing waar die regering (anders as vóór 1994) geen toegeneentheid meer oor die Afrikaanse taal het nie, omdat die Afrika-tale meer verteenwoordigend is. Hierdie vraag is relevant, aangesien die aanvaarding van die Belhar-belydenis in sommige dele van die land daartoe kan lei dat *Engels die Ring- en Sinodale taal kan word omdat die nuwe kerkverband Afrikaans nie in die geheel magtig is nie. Dit versterk die vermoede dat koloniale Christenskap vandag steeds die hoofstroomteologie in ons land is* (**Beeld** 27 Maart 2006). Dit is redelik voorspelbaar om te beweer dat nie alle lidmate in NG gemeentes hiermee genoeë gaan neem nie. Veral nie as Engels die taal op amptelike vlak word nie. In die breër gesprek wat oor die gebruik van Afrikaans gevoer word, handhaaf die kerk ŉ neutrale standpunt, in teenstelling met wat tydens die eerste Taalstryd in die Paarl met die ontstaan van Afrikaans gebeur het.

Sou die NG Kerk Afrikaans as taal, nog as eksklusiewe medium van die kerklike bedrywighede in die toekoms sien? Indien dit wel die geval was, waarom word daar in baie gemeentes Engelse liedere tydens die erediens gesing? Daar is gemeentes waarin die gebruiklike aanddienssang ŉ baie groot persentasie Engelse charismaties-pinksterliedere bevat. Die Liedboek van die NG Kerk bevat selfs ŉ aantal ou Engelse kerkliedere (konserwatief en Wesleyaans) wat by geleentheid in die erediens gesing mag word.

Hoe kan daar van die NG Kerk verwag word om in die lig hiervan, deel te wees van die huidige dialoog oor die handhawing van Afrikaans? Tot hiertoe was daar geen kerklike geluid in die gesprek nie. Die kerklike stilswye dui daarop dat die moontlikheid bestaan dat Afrikaans as taal in die volgende societas-fase, slegs die spreektaal in die erediens van sommige NG gemeentes sal wees, terwyl die amptelike taal by vergaderings op Ring- en Streek- en Sinodale vlak Engels sal wees (veral in KwaZulu Natal, Gauteng, Mpumalanga en die Oos Kaap). Dit beteken dat die nuwe Algemene Sinode van die NG Kerk uiteindelik Engels sal (moet) praat.

Dit is nie arrogant om te beweer dat Afrikaans sy dominante rol in die openbare lewe sal verloor het nie. Dit is ŉ onvermydelike feit. Die NG Kerk leierskap sal hiervan

kennis moet neem en duidelike besluite oor die gebruik van Afrikaans in die kerk (verenigde kerk?) aan lidmate moet gee. Al voel moderature nie dat dit nodig is nie, is die vraag oor die taalgebruik dominant in lidmate se gesprekke oor kerkhereniging.

### 1.4.2.4 Die invloed van die *communitas*-fase op die Afrikaner- volk

Sheila Cussons se gedig oor die Afrikaner in **Omtoorvuur** som baie van die omwentelinge in die huidige oorgangstyd op:

*Ek braai toe blokkies brood*
*bruin in olyfolie en kou die smaak*
*van biltong en ouma en oupa dood.*
*Ek wonder hoe't hulle gevoel*
*toe hulle daar anderkant kom*
*en sien Augustinus is – nou ja.*
*Dat 'n skepsel wat knipper*
*van die misrook voor sy stroois*
*nou bokant hulle vuurmaakplek*
*moet wees. My volk het hom*
*verbeel en – toe die skrif gesien.*
*Nou kou ek met 'n naarheid*
*op my maag, driftig, driftig*
*blokkies brood, maar uit my tong:*
*ouma rediviva! koppig sypel*
*die ou-ou sout.*

Na slegs sowat 100 jaar van 'n eie politieke en sosiaal-maatskaplike identiteit, het April 1994 'n einde gebring aan die politieke mag wat die jong Afrikanervolk in 1948 verkry het. Na sukses in 'n ongetemde land, die vestiging van boeregemeenskappe, oorlog en armoede, verstedeliking, uiteindelike prestasie en politieke mag, het die meeste Afrikaners na 1994 daarna uitgesien om deel te neem aan die proses om die stremminge en bande van die verlede reg te stel en saam met die nuwe regering te bou aan 'n gemeenskap waarin die land en sy mense eerste gestel word.

Gaandeweg het daar egter ontnugtering gekom. Swart bemagtiging, regstellende aksie, onveiligheid, 'n toename in misdaad, nuwe onregte, die verryking van 'n elite swart groep (die *officials)* en die verlies van taalregte het die meeste Afrikaners in 'n skoktoestand ingedwing. Hulle het gevoel dat die skoen nou eenvoudig aan die ander voet geplaas word en dat hulle die volgende geslag slagoffers van Afrika word. Die leemte wat met hierdie emosie saamgaan, het (ten spyte van al die pleitbesorgerstemme) 'n leierskapsarmoede gebring, nie alleen op politiek-kulturele terrein nie, maar ook in die kerk.

Dit is met rukke en stote dat die leierskap van die NG kerk op sake van die dag reageer. Vanweë die vrees dat standpunte maklik as 'rassisties' bestempel word, word 'Afrikaner-aangeleenthede' nie as deel van die kerk se belangstellingsveld gesien nie. 'n Saak van groot kommer wat byna elke tweede huishouding raak, is die feit dat meer as 'n miljoen Suid-Afrikaners, meestal jonges, in 'n diaspora is, nie noemenswaardige kommentaar van die NG Kerk uitlok nie. Al is daar 'n aangestelde Parlementêre

verteenwoordiger en ŉ Kerksekretaris, word geen woord vanuit kerklike kant in die pers oor hierdie kommerwekkende gebeure gerep nie.

*Afrikanerskap is die laaste jare kroes. Letterlik inmekaargekrul, siek, olik. Afrikaners is aan die ronddwaal soos 'n klomp vasgekeerde skape* (De Klerk 2000:9). Vier eeue nadat die eerste Europeërs in Suider-Afrika aangekom het, is die ongeveer vier miljoen Afrikaners vandag meer kwesbaar en onseker as ooit tevore (Gerald L'Ange 2005:11) Hy is van mening dat die voortbestaan van die Afrikaners sal afhang van hulle vermoë om meer Afrika-gebonde te raak en minder Europees. *Gestroop van die mag wat hulle eens in staat gestel het om oor die hele Afrika te regeer, leef die wit Afrikane vandag in ŉ staat van angstigheid oor die hede en onsekerheid oor die toekoms*. Hierdie onsekerheid oor die toekoms bestaan ondanks die lang regeringstydperke van swart Afrikane in Kenia (40 jaar), Zimbabwe (24 jaar) Namibië (14 jaar) en Suid-Afrika (12 jaar) waaraan wit Afrikane gewoond geraak het.

L'Ange skryf dat die probleem daarin lê dat swart Afrikane nie wittes se teenwoordigheid onvoorwaardelik wil aanvaar nie (2005:48). Hy dig dit toe aan *gekrenktheid* eerder as etnisiteit of ras. Wit Afrikane (lees Afrikaners) is die grootste kulturele slagoffers van meerderheidsregerings; hul kulturele verbintenis aan die 'grond' van hulle voorvaders is uitgewis. In die proses is die Afrikaners politiek en territoriaal beroof. Dit word volgens hom veral duidelik in die stryd om die Afrikaanse taal op Universitêre vlak waar die druk vir Engels as die lingua franca, groot is en waarskynlik Afrikaans aan (Afrikaanse?) Universiteite soos Stellenbosch en Pretoria tot ŉ sekondêre medium gaan indwing. Hy skryf egter ook dat die grootste meerderheid Afrikaners toegewyde pragmatiste is wat die beste wil maak van die situasie in Suid-Afrika en wat hulle konsep van ŉ eie Afrikaheid aanpas by heersende realiteite. Hoewel dit lank sal duur, sal die wit Afrikaan uiteindelik so verafrikaniseer dat daar min Europese verbintenis sal oorbly.

Die vraag is of Afrikaners se oorlewing afhang of hulle ooreenkomste met ander inwoners moet sluit en of hulle eerder moet veg vir eie behoud? Hoe hanteer ŉ minderheidsgroep die verlies aan politieke seggenskap? Meer as tien jaar van demokrasie het hulle in ŉ gelyke gemeenskap van *Afrikaansheid* (Africa-ness) gestel as ŉ permanente gegewe. Binne die situasie waarin Afrikane in Suid-Afrika ŉ dringende obsessie het om hulle 'erfenis' te herstel, moet die Afrikaner ook weer aan ŉ nuwe toekoms werk.

Max du Preez en Antjie Krog stel in hul onderskeie boeke, **Pale Native** en **A change of tongue,** voor dat Afrikaners hulleself as deel van Afrika moet sien en nie as ŉ besondere toevoeging tot die land en sy mense nie. Herman Giliomee (2004:17) lê klem op etniese identiteit volgens die onderhandelingstrategie van die Nasionale Party onder FW de Klerk. Max du Preez handhaaf die siening dat wit mense die geskiedenis van die swartmense hulle eie moet maak en ook daarmee moet identifiseer. Om op te hou om ŉ minderheid of ŉ aparte groep te wees, verg dat die geskiedenis van die 'struggle' omarm moet en eie gemaak word.

Du Preez is van mening dat die tragiek daarin lê dat die grootste gedeelte van die blankes in die land nie enige 'skuld' aan apartheid erken of aanvaar nie. Krog wil die transformasie veel dieper laat strek deurdat blanke individue die verantwoordelikheid op hulleself neem om die verandering in hulle omgewing te maak, maar dat swart

mense ook deel hieraan het deurdat hulle in die proses saam moet werk. Hierdie proses beteken dat swart mense relevant word en daar geluister moet word na wat hulle sê. In sy poging om te verduidelik waarom Afrikaners geword het wat hulle is, steek Giliomee die grens oor tussen historiese verduideliking en morele regverdiging. Dit is sy mening dat die wêreld uiteindelik net belang gestel het in die skuld van die Afrikaner en sy toekoms as vaag beskou. Die vraag is of ʼn pleidooi om begrip wat ook dien as ʼn morele regverdiging, Afrikaners in staat sal stel om die toekoms in te gaan en met tevredenheid in die hede te leef. Apartheid is ontwikkel om etniese groepe te beskerm: dit is egter verwring tot ʼn sisteem waarin mense verontmenslik is (**Beeld**, Dinsdag 6 September 2005).

In die debat oor die Afrikaner en sy toekoms beweer prof. Fransjohan Pretorius van die Universiteit van Pretoria, dat die **Turning Points in History** geskiedenis-handboeke, uitgegee word deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, die Afrikaner uit die geskiedenis skryf, behalwe waar hulle as skurke en swartskape figureer. Fanie du Toit, Projekbestuurder, antwoord hierop dat daar tydens Apartheid net een standpunt, nl. dié van Afrikaner–nasionalisme, ten koste van ander standpunte gehandhaaf is (**Rapport** 26 Maart 2006). Hy sê voorts dat hoewel verskeie Afrikaner-historici in die later jare van apartheid wegbeweeg het van eensydige geskiedskrywing, dit nou eers in die geskiedenishandboeke nuwe beslag kry. Vandag se geskiedenisboeke wil graag die volle weergawe gee. Baie van die bekende Afrikanerleiers se name word egter nie in die reeks vermeld nie.

Die vakbond Solidariteit het ʼn nuwe Afrikaanse organisasie, vir Afrikaanses, Afri-Forum, gestig. Kallie Kriel, Uitvoerende Hoof van hierdie nuutgestigte organisasie wil ʼn voertuig bied vir *die konstruktiewe aktivering* van minderhede, soos Afrikaners en die breë Afrikaanse gemeenskap tot deelname aan openbare debat en bedrywighede. Bekendes soos Frederik Van Zyl Slabbert, Marinus Wiechers, Flip Buys en Rina Venter tel onder diegene wat ingestem het om as adviseurs vir die organisasie op te tree. Spesifieke knelpunte, byvoorbeeld die regering se toenemende rasbeheptheid, politieke inmenging in sport, rasgedrewe maatskaplike subsidies, die miskenning van veeltaligheid, misdaad en die soms ondeurdagte verandering van plekname is van die sake wat op hierdie forum aandag sal geniet, (**Rapport** 26 Maart 2006). Evaluering van hierdie organisasie se doelstellinge lyk positief. Die vraag is of dit maar net nóg een van die talle reeds bestaande organisasies gaan bly wat na die saak van die Afrikaners gaan kyk en, soos die ander, weinig verrig sal kry.

Die *communitas*-fase in Suid-Afrika het daartoe gelei dat baie jonger Afrikaners hulle in ʼn tipe ballingskap in die buiteland gevestig het omdat hulle ontuis voel in hulle 'vaderland'. Baie swerf in 'n diaspora oor die wêreld rond en stel hulle terugkoms uit totdat 'dinge settle'. Die geknoei van die apartheidsverlede maak hulle skaam, kwaad en bang. Hierdie jongmense verstaan nie meer wat dit is om 'Calvinistiese' Afrikaners te wees nie. Hulle onthou dat hulle grootouers gepraat het van ' 'n godgegewe roeping aan die suidpunt van donker Afrika', maar stem nie meer saam dat die Afrikaner 'n 'uitverkore nasie deur God self in ons kontinent geplant' is nie. Van Riebeeck moes hom liewer nie aan die Kaap gevestig het nie. Hulle voel dat die kerk hulle ook nie altyd die 'waarheid' vertel het oor 'n verskeidenheid van sake nie. Hulle verstaan nie waarom Apartheid vyftien jaar gelede nog as skriftuurlik verklaar is, terwyl die teenoorgestelde tans as dogma aangebied word nie.

Hierdie jong geslag besef dat die beskawings van die Weste en Afrika nie tot 'n nuwe eiesoortige kultuur vermeng nie, ten spyte van president Mbeki se Afrika-renaissance en Aartsbiskop Desmond Tutu se 'rainbow nation'. Hierdie jonges het groot geword in 'n veelrassige land, met eie lewenspatrone, styl en tradisies van anders wees. Hulle het aanvaar dat Apartheid reeds meer as 'n dekade gelede deur 'n ANC bewindsoorname finaal van die boeke gevee is, maar ervaar dat die nuwe geslag witmense gebuk gaan vanweë die sondes van hulle voorouers. Vir die meeste van hulle is werk skaars. Hulle is onderhewig aan regstellende aksie en word gedurig van rassisme beskuldig. Alles wat verkeerd loop in die ordelike bestaan van die nasie in Suid-Afrika, word deur die regering aan 'die gevolg van apartheid' toegeskryf. Daarom is die 'Afrikaner eksklusiwiteit' waarna party middeljarige Afrikaners teruggryp vir baie van hulle 'n doring in die vlees.

Gevolglik het daar ʼn identiteitsverlies in Afrikanergeledere ontstaan. Die magsverlies, statusverlies, verlies aan moraal, taalverlies en toekomsgerigtheidsverlies het ʼn verlammende uitwerking op Afrikaners en versper die stimulering en beïnvloeding van die Afrikanerkultuur en volkseie. De Klerk (2000:13) sê: *Die Afrikaanse pottebakkers verdwyn, die kruike bars, die inhoud van Afrikaanse kultuur versand en die hele Afrikaner-aksie word irrelevant.*

Dit is daarom nie vreemd dat die NG Kerk, in haar tradisionele gestalte, nie meer aan die jongmense se behoeftes voldoen nie. Kerkleierskap slaag nie oral daarin om die 'ou' beeld van die kerk vir hulle te verander nie. Dominees in kortbroeke en plakkies met kruis-hangertjies om hulle nekke is nie die antwoord nie!

Dit lyk asof Afrikaners te min insig het om te besef dat Afrikanerselfbehoud juis gedien kan word deur al hoe meer 'n Afrika-volk te word. De Klerk (2000:20) wys in hierdie verband daarop dat Afrikaners benewens die geregverdigde bewaring en uitbouing van Europese kleinode, ook Afrika-kleinode hul eie moet maak. Op die oomblik is die gesprekke van die dag tussen Afrikaners (die blankes in Suid- Afrika) te negatief oor die droewige landsomstandighede wat oënskynlik op 'n afwaartse glybaan verkeer ten opsigte van misdaad, korrupsie, neopotisme, swak dienslewering en eie verryking van senior amptenare. Onderwerpe soos saambestaan, inklusiwiteit, verskuiwing van grenspale, deling van reserwes, kleurblindheid en ʼn eerlike poging om Suid-Afrika se prioriteite ook Afrikanerprioriteite te maak is skaars Afrikanerlippetaal, wat nog te sê van 'n nuwe gesindheid (De Klerk 2000:20).

### 1.4.2.5 Regstellende Aksie

Daar word baie geskryf oor regstellende aksie in die media in Suid-Afrika. ʼn Mens het begrip vir die redes waarom die ANC regering dit ingestel het: hulle wou daardeur ʼn poging aanwend om die vernietigende gevolge van apartheid vir ʼn sekere deel van die bevolking reg te stel. Regstellende aksie kan in die volgende hoofpunte verduidelik word:

- Vanweë werksreservering onder die vorige regering is baie top akademiese en professionele poste vir blankes gereserveer. Die feit was dat te min swartes die nodige opvoedkundige kwalifikasies gehad het om vir baie van hierdie poste te kwalifiseer. Die huidige aksie probeer hierdie ongelykhede uitwis.

- Die sukses van die RSA is afhanklik daarvan dat al sy mense aan die opbouproses deelneem. ŉ Klein wit minderheid sou nie langer in staat gewees het om ŉ reservoir van talent, ywer en ambisie te verskaf nie. Die res van die bevolking moes deel hieraan verkry.
- Die gevaar van regstellende aksie lê egter, net soos met Apartheid, vasgevang in ŉ ingeboude rassediskriminasiefaktor.
- Die aksie is aanvanklik met omsigtigheid deurgevoer, maar het ontaard in ŉ stelsel waarin wit deur swart vervang móét word op die vinnigste moontlike manier. In die proses is wit kundigheid met swart onkunde vervang. Dubbele standaarde word aangewend in die vasstelling van wie vir ŉ betrokke pos of posisie moet kwalifiseer.

Leopold Scholtz (**Die Burger** 13 Oktober 2006) vra: *Hoe bestuur jy die beleid om tussen die Scylla van die eerste twee en die Charybdis van die laaste twee deur te skuur?* Hy sê dat die ANC regering te dikwels ŉ rigiede en ideologiese gedrewe kwotabenadering volg. Dit beteken dat die getalle van die verskillende rassegroepe die uiteindelike riglyn vorm. Vir die blanke beteken dit dat werksgeleenthede minder word. Protes teen die stelsel is deur regeringsverteenwoordigers summier as rassisties afgemaak.

Die gevolge hiervan word byna daagliks in die media genoem, byvoorbeeld:

- Die SA Lugdiens het aangekondig dat hy nie meer jong blanke vlieëniers wil oplei nie.
- Vlieëniersopleidingsvereistes by die Lugmagvliegskole is vir swart kandidate verlaag.
- Aan universiteite is die toelatingsvereistes vir mediese studie vir swart studente verlaag.
- Spesialisering op mediese vlak word deur kwotas beheer.
- Maatskappye moet swart direksielede hê.
- Die samestelling van die bevolking moet in groot kettingwinkels reflekteer word.
- In ŉ saak wat met die elektrisiteitsvoorsiener Eskom opgeneem is, het die Kaapse arbitrasiehof beslis dat swart mense bo bruin en ander groepe bevoordeel moet word.
- Om vandag ŉ bruin persoon te wees beteken dat jy nie blank óf swart is nie.

Solidariteit het kompromisvoorstelle aan die ANC voorgelê:

- Stel jongmense wat ná 1994 tot die arbeidsmag toegetree het vry.
- Oorweeg elke persoon se behoeftes en kyk of sy kwalifikasie beantwoord aan die van die geadverteerde pos.
- Stel beroepe waar daar ŉ kritieke tekort aan ervaring en kundigheid is vry van regstellende aksie (**Die Burger** 13 Oktober 2006).

### 1.4.2.6 'Geloftedag': 'n gevalle bastion

*Geloftedag* het 'n besondere plek in die blanke Afrikaners se kerklike feesdae beklee. Die byeenkomste het mettertyd ook kulturele en politieke saamtrekke geword, waar Afrikanerleiers en kerkleiers feesredenaars geword het.

Die Gelofte is aanvanklik deur Sarel Cilliers in 1838, eers by Danskraal, later by die Biggarsberge naby Wasbank en toe by Bloedrivier, as gebed vir die Voortrekkers gebid. Wesentlik het die gelofte die gebed van 'n groep Voortrekkers verwoord. Dit het oor basiese oorlewing gegaan in hulle verwagte stryd teen 'n vyandige en oormag Zoeloe krygers. Die bedoeling met die hou van die gelofte was om die Afrikaner volk te herinner daaraan dat God aan hulle 'n uitkoms geskenk het by Bloedrivier en nie dat hulle die swartes verslaan het nie. Die dag moes 'n besondere plek inneem in die geskiedenis van die volk. Cilliers was aanvanglik teen die gebed as 'n gelofte gekant, omdat hy getwyfel het aan die praktiese nakoming daarvan (Hofmeyr 2002:106).

Na 1952 is die rede vir die samekoms op die betrokke dag ernstig aangetas deurdat dit sowel nasionalistiese, eksklusiewe as 'n politiese kleur gekry het. Aanvanklik is die gelofte nie soos bedoel op 'n gereëlde jaarlikse grondslag gevier nie en het die Trekkers dit agterweë gelaat. In 1880 is daar egter 'n groot fees by Bloedrivier as vyftigste herdenking aangebied. Dit is deur President Paul Kruger en Generaal Piet Joubert bygewoon. Na die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 is die dag met meer toewyding gevier. In die Vrystaat is die eerste fees by in 1893 in die Vrede distrik gehou en in 1894 tot vakansiedag verklaar. Na die Uniewording in 1910 het 'Dingaansdag' 'n nasionale dag geword en bereik viering 'n hoogtepunt met die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. In 1952 is daar 'n wet promulgeer wat 16 Desember as Geloftedag en vakansiedag verklaar het. Binne die Afrikaanse kerke is die gebruik gehandhaaf om die dag *soos 'n Sabbat* deur te bring (Hofmeyr 2002:33).

Nie alle bevolkingsgroepe het hierdie dag eerbiedig nie. Dit is vertolk as die viering van 'n oorwinning van wittes oor swart mense. Hierdeur is baie van die dag vervreem. Op 16 Desember 1961 het die ANC deur Umkhonto we Sizwe met 'n gewapende stryd teen die Nasionale Regering van die dag begin en word die dag deur die meerderheid om hierdie rede onthou en nie oor die slag van Bloedrivier nie. In 1994 is Geloftedag se naam in die grondwet verander na Versoeningsdag en word die Ncome museum bygevoeg by die bestaande Bloedrivier monument op 16 Desember 1999. Mangosuthu Buthelezi het as afstammeling van die Zoeloe koningshuis op die dag 'n nuwe 'gelofte' afgelê: *Laat dié dag beskou word as 'n nuwe gelofte wat ons saambind in die gedeelde toewyding om 'n nuwe land te bou deur die gesamentlike stryd teen armoede, ongelykheid, korrupsie, misdaad en 'n gebrek aan dissipline op alle vlakke* (Hofmeyr 2002:34).

Vandag is 'Versoeningsdag' 'n vae herinnering aan dit wat 'Geloftedag' vir die Afrikaner-volk was. Min Afrikaners woon nog die saamtrekke by. By die Voortrekkermonument in Pretoria is daar 'n jaarlikse saamtrek wat waarskynlik die meeste 'Geloftegangers' trek.

### 1.4.2.7 Veranderinge op die kerklike toneel

Die kerklike toneel verander tans drasties soos wat die *communitas*-fase in Suid-Afrika vorder. Daar is bemoedigende tekens dat die kerk herfokus op die wese van haar diakonale taak soos in die Skrif gestel. Daar word al hoe meer oor alle grense (kerklike en kultuurgrense) heen hande gevat en uitgereik na mense in nood. Byvoorbeeld:

- Die Agapé-gemeenskapsentrum in die Kemptonpark-Wes gemeente voorsien omvattende maatskaplike dienste en kos aan hawelose gesinne in die omgewing.
- In Pretoria bestaan die Arcadia Faith Community wat as wykskerkraad van die Arcadia-gemeente funksioneer. Die uitreik voorsien in die geestelike behoeftes van baie persone in die Arcadia-omgewing en behels onder meer geestelike toerusting, gemeenskapsdiens en ŉ vigsprojek in die middestad saam met ander groepe (Hofmeyr 2002:227).
- In Fontainebleau in Randburg is dié NG gemeente veral op die gemeenskap gefokus en word diens aan alle inwoners van die omgewing gelewer. Die naam van die gemeente is verander na die Fontainebleau-Gemeenskapskerk/Community Church.
- Moreletapark-gemeente in Pretoria voorsien aan die behoeftes van baie deur gemakliker aanbiddingsgeleenthede daar te stel. Dit lyk asof die NG Kerk uit haar gemaksone beweeg het en wat voor 1994 ondenkbaar was, naamlik om met ander gemeentes en kerke hande te vat en so gesamentlik die gemeenskap te bedien. Hierdeur word die NG Kerk (enkele individuele gemeentes) weer relevant in die nuwe Suid-Afrika (Hofmeyr 2002:228).

Die politieke verandering na 1994 het nie net die kerk se posisie en rol in die Suid-Afrikaanse samelewing geweldig verander nie, maar ook nuwe geleenthede en nuwe horisonne vir die kerk geskep na die hertoetrede tot die statebond. Met die migrasie van baie jongmense na ander wêreldstede het die kerk sy invloed in sulke nuutontwikkelende gemeenskappe gevestig en is daar op talle plekke in die buiteland sterk NG Kerk-gemeenskappe.

- In Londen het ŉ NG Kerk makro-gemeente ontstaan wat deur vier leraars bedien word. Die gemeente is ŉ ekumeniese bedieningsentrum en bied ŉ geestelike tuiste aan mense met verskillende agtergronde.
- In Kanada is ook ŉ aantal NG leraars in die Presbiteriaanse kerk werksaam.
- So ook is daar in Perth en in Sydney, Australië, NG Kerk-gemeentes gestig (Reformed churches).
- In Nieu Seeland is daar ŉ gevestigde gemeente in Auckland.
- Daar is ook gemeentes in München en Zürich, asook in Nederland.
- Suid-Afrikaners oorsee skakel by plaaslike gereformeerde kerke in en help dienste in Afrikaans organiseer as deel van die plaaslike gemeente se aktiwiteite (Hofmeyr 2002:229).
- Hierdie bedieningbehoefte is reeds in 1969 identifiseer toe J Hough as die eerste voltydse reisende predikant na Engeland gestuur is om Suid-Afrikaners in Wes-Europa te bedien.

- Ockie Raubenheimer (senior) het in 1970 die eerste voltydse kapelaan in Europa geword. Hy het 22 preekpunte gehad in 17 lande van Helsinki tot in Lissabon en van Athene tot in Teheran, (Hofmeyr 2002:228). Hierdie werk het voor 1994 reeds die grondslag gelê vir ŉ wêreldwye selfstandige bediening aan ŉ verskeidenheid lidmate deur die NG Kerk, in samewerking met die Weermag en die Departement van Buitelandse Sake.
- Na 1994 het die wêreldwye bediening van die NG Kerk ŉ nuwe gestalte gekry deurdat daar nie meer van weermagkapelane gebruik gemaak is nie, maar wel tot gemeentestigting oorgegaan is, met groter samewerking van gemeentes in die buiteland. Lidmate het self die leiding begin neem om te sorg dat daar vir hulle en hulle kinders geestelike versorging is. Afrikaanse eredienste is byvoorbeeld deel van die bediening van gereformeerde gemeentes in Kanada, Australië en Nieu-Seeland.

**1.5 Samevatting**:

Die versnelde *communitas*-fase waarin Suid-Afrika na 1994 inbeweeg het en wat nou reeds ongeveer vyftien jaar duur kan in sekere sin vergelyk word met ŉ na-oorlogse situasie. Een bevolkingsgroep het uitgestap en ŉ ander een – letterlik ŉ ander kleur – het ingestap en alles bevolk wat 'ontvolk' is. Die gebeure is vergelyk met ŉ 'wonderwerk' in vroom kringe. Daar verskyn nou egter skimbeelde oor die gevolge van die gebeure vir baie op die horison.

In die nuwe situsaie is die gevestigde Afrikaans-Reformatoriese kringe kerke ontwrig deurdat hulle hulself in ŉ totale nuwe posisie en bedienings milieu bevind. Die model van Victor Turner, met ŉ aanpassing daarvan vir die kerk deur Arbuckle, is gebruik om die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, wat sosio-maatskaplike en politieke veranderinge insluit, te ontleed.

Die navorser huldig die mening dat die *limen* na ŉ nuwe *societas*-fase naby is en dat die kerk hierdie feit in haar strategiese beplanning en bediening struktuur-modelle moet verdiskonteer. Laaste bastions wankel in ŉ *communitas*-fase. Die navorsing in die hoofstuk doen ŉ voëlvlug historiese terugblik oor kerkgebeure die afgelope vyftien jaar in die lig van die land se geskiedenis, om te soek na ŉ verheldering van begrip oor die hede. Die doel daarvan is om seker te maak dat die navorsing ŉ bydra lewer sodat die kerk die toekoms beter interpreteer en toegerus kan binnegaan.

Die geskiedenis van die NG Kerk ten noorde van die Oranje rivier vanaf 1836 tot in 1902 kan nie van die politieke geskiedenis geskei word nie. Gedurende die Vryheidstryd was daar ŉ baie sterk band tussen die kerk en die vegkommando's. Hierdie verbintenis was onlosmaaklik aan Afrikanerskap verbonde. Dié noue verbintenis tussen owerheid en NG Kerk het tot in 1994 bly voortbestaan en het ŉ ingrypende invloed op die kerkleierskap van die tyd uitgeoefen.

Die NG Kerk het geleidelik gedurende die laat tagtiger jare ingesien dat Apartheid mense van hulle menswaardigheid ontneem. Die politieke verbondenheid van die kerk met die staat op leiersvlak was egter polities só verstrengel dat ŉ breuk moeilik was. Daarom blyk dit dat kerkleierskap simbioties vasgegroei was aan die politieke mening van die dag. Die NG Kerk het meer as haar Bybelse deel gedoen om die regering te ondersteun. Die tragiese gevolge is dat die kerk nou bedreig word deur ŉ onstabiel en

snelveranderende samelewing as dinamika van ŉ oorgangsfase. Dit wat met die blanke Afrikaner in die samelewing gebeur, raak die NG Kerk intens omdat dit haar lidmate is wat aan die ontvangkant van traumatiese gebeure is.

Die blanke Afrikaner doen op die oomblik afstand van baie dinge. Die Waarheids- en Versoenings Kommissie het wreedhede van die vorige bedeling blootgelê en waarskynlik nie die versoening tussen mense bewerk soos waarvoor daar gehoop is nie. Met die afskaffing van Apartheid het baie 'bastions' vir die Afrikaner as volk geval. Daar is tans ŉ geleidelike aftakeling van die rol wat die Afrikaanse taal in die verlede gespeel het. Regstellende aksie het aanleiding tot die grootste 'brein-kwyn' in die geskiedenis van die land gegee. Blanke mans is veral onderhewig aan werksonsekerheid. Die misdaadprobleem neem astronomiese afmetings aan wanweë verskeie faktore. Plaasmoorde is aan die orde van die dag terwyl witboortjie misdaad en korrupsie lyk of dit deel van die landsbestel geword het. Geborgenheid oor die toekoms is nie meer ŉ reële faktor vir die meeste blanke Suid-Afrikaners nie. Min blanke huisgesinne het nie ŉ kind of familielid wat reeds na die buiteland geëmigreer het nie.

Dit is nogal ironies dat sekere van bovermelde gebeure as volg beskryf word deur die 'Voëlvry' aktivis, Koos Kombuis:

*Ons het nie geveg vir ŉ Derdewêreldse kwasi-Marxistiese staat waar werk en grond op ŉ lomp manier teruggesteel word van die ouens wat dit lank gelede op ŉ ewe lomp manier gesteel het nie.*
*Ons het geveg vir ŉ Eerstewêreldse land in Afrika – die eerste en enigste in sy soort – met gelyke regte.*
*Ons het geveg vir ŉ land waar siekes ordentlike mediese sorg kry en waar die vigspandemie top-publisiteit kry en getakel word deur middel van ŉ allesomvattende en dringende opvoedings-en aksieplan.*
*Ons het nie geveg vir ŉ land waar sekere mense anders as ander mense behandel word in tronke nie.*
*Ons het geveg vir ŉ land met ŉ sinryke buitelandse beleid.*
*Ons het geveg vir ŉ land waarheen ex-pats kan terugkeer en hulle kundigheid en ervaring saam met hulle bring.*
*Ons het geveg vir ŉ deursigtige regering wat bestaan uit ŉ redelik realistiese spektrum van al die bevolkingsgroepe en oortuigings wat in ons demografie bestaan.*
*Ons het geveg vir ŉ land met ŉ doeltreffende polisie- en regstelsel.*
*Ons het geveg vir die reg om almal as afrikane beskou te word.*
*Ons het geveg vir ŉ land waarin elkeen onderrig kan kry in sy eie taal, met die veronderstelling dat soveel moontlik van ons aangemoedig word om ook die taal of tale van ons mede-Suid-Afrikaners aan te leer. (Verkort –* ***Rapport*** *Perspektief 11 Februarie 2007)*

Die NG Kerk bedien in die reënboog milieu van bovermelde gebeure. Oor baie van die aktuele en sensitiewe sake kan daar op kommunikasievlak met die lidmate van die kerk ŉ beter dialoog gevoer word. Lidmate lees nie almal die Agenda's en Besluite van sinodes nie. Die lyk soms asof die *communitas*-fase gelei het tot gebrekkige kommunikasie in die NG Kerk.

Die kerk se geringe invloed, plek en rol in die lewens van talle mense word onderstreep wanneer daar gelees word wat die 'volk' in die media praat en skryf. Die NG Kerk webblad 'Kletskerk' en gebeure om die webblad is nogal ŉ refleksie hiervan. Die rebellie van die jeug kan bespeur word in die herrie wat die omstrede sang/rock groep *Fokofpolisiekarre* in 2006 ontketen het. Deur ernstige kritiek uit te spreek teen die kerk en die 'godsdiens' waarin hulle kleintyd ingedwing is, rebelleer hulle in ŉ EngAfrikaans oor die kerk en die F-God. Is die woorde van die Karre se seer mooi melodie met skreiende beelde dalk waar?

> *Spierwit Bellville kerke met families wat braai en voorstedelik leef.*
> *Kerktorings en die Taalpaal.*
> *Gister se wêreld wat niks te sê het vir vandag se kinders nie, behalwe om te raas.*

Die Gospel sanggroep, *Prophet,* ( twee predikante, di. Theo Geyser en Koos van der Merwe) sê in (**Beeld** 27 Maart 2006) dat hulle begrip het vir die storm wat om die groep losgebars het omdat hulle as sanggroep self onder die venyn van kerklike kritiek deurloop. Hulle musiek was self jare op radiostasies verban en hulle is van godslastering beskuldig omdat hulle kritiek teen die kerk uitgespreek het. Volgens Geyser bring Christelike kruistogte soos dié net groter verdeeldheid. Dit is dalk weer ŉ kwessie van *spoeg die muggie uit maar sluk die kameel.*

Die landsbestel het verander en daar het ŉ paradigmaskuif binne Suid-Afrika plaasgevind: middelklaswaardes het verdwyn. Die huidige tydsgees sou eerder een wees waarin konsumpsie die nuwe geloof is en subkultuur die norm vorm. Rebellie word met ŉ handelsmerk verpak en in boetiekwinkels verkoop. Die 'struggle' in Suid-Afrika het nog nie opgehou nie – veral nie vir die NG Kerk nie. Die kerk is in ŉ tydsgewrig waarin aktuele en verstandige leierskap rigting kan gee aan ŉ groter irrelevant wordende tradisie-godsdiens. Daar is nog tyd vir besinning en koerswysiging om te keer dat alles skeef loop. *Ons moet na die dromme van Afrika luister*. Sandile Dikeni skryf in **This Day** 12 Desember 2003, dat Afrika ŉ voortdurende leierskapprobleem het. As hy na die situasie in Zimbabwe verwys, sê hy: *The point is that the issue in Zimbabwe boils down to a lack of leadership*. Dit bly die kernprobleem van Afrika. Dit is ook die kairos-moment vir die Afrikaner en die NG kerk.

Sou die Nederlander Okké Jager, uitmuntende prediker en Hoogleraar ŉ antwoord vir ons gereed hê indien hy weer op die *Oude Kerk* se kansel langs die Heerengracht in Amsterdam kon staan om met die kerkvolk oor die toekoms te praat - nadat die spook-koster van die ou-tyd die groot slot voor die *nou besienswaardigheid wat eens ŉ vol kerk was,* oopsluit sodat hy ŉ preek kon lewer?

Die navorsing bepleit ŉ kerkoor op die voetpad van 2007 sodat daar gehoor kan word dat die voetstappe van die wat na die kerk kom, minder word en die sleepgang van ouer mense verklank.

Gister se leiers kan nie môre lei nie.